

4. ONDERWYS EN OPVOEDING IN DIE VRYHEIDSE DISTRIK ONDER DIE ZUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK: 1888-1902

4.1 DIE DU TOIT-PERIODE: 1888-1891

4.1.1 Inleiding

Na die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) is ds. S.J. du Toit, predikant van die Paarl, in 1882 aangestel as Superintendent van Onderwys van die Zuid-Afrikaanse Republiek. (1) S.J. du Toit het hom beywer vir Christelik-Nasionale Onderwys en van die standpunt uitgegaan dat onderwys van die kinders by die ouers, onder toesig van die kerk, berus. (2)

4.1.2 Du Toit se onderwyswetgewings

S.J. du Toit se onderwyswet is in Mei 1802 deur die Volksraad van die Zuid-Afrikaanse Republiek bekragtig as Wet no. 1 van 1882. Hierdie onderwyswet het 'n nuwe rigting aangedui vir die ontwikkeling van die onderwys in die Zuid-Afrikaanse Republiek. (3)

4.1.2.1 Sentrale en plaaslike beheer

Die plek van die staat, die ouers en die kerk is in Du

(1) Barnard, op. cit., p. 59.

(2) Wet no. 1 van 1882, art. 1.

(3) Wet no. 1 van 1882.

Toit se onderwyswet volledig omskryf. Die staat sou beheer uitoefen oor die onderwys in dié opsig dat dit sou toesien dat onderwys in 'n Christelike gees gegee word. (4)

Plaaslike beheer oor die onderwys is toevertrou aan 'n skoolkommissie wat die huishoudelike bepalinge van elke skool self moes opstel (5), moes toesien dat 'n behoorlike skoolgebou, meubels en toebehore voorsien word (6), die vakansies moes bepaal (7) en self die onderwysers moes aanstel. (8)

4.1.2.2 Subsidies

Die belangrikste verandering wat deur die Du Toit-onderwyswet aangebring is, was die stelsel van subsidies. Voortaan het skole nie meer 'n globale jaarlikse bedrag ontvang nie, maar is subsidies toegeken per getal leerlinge en per standaard van onderwys. (9) Vir leerlinge wat elementêre onderwys ontvang het, is 'n subsidie van R6 (£3) per jaar betaal en vir leerlinge wat middelbare onderwys ontvang het R10 (£5) per jaar. (10)

Vir behoeftige leerlinge wie se ouers nie skoolgeld kon betaal nie, het die regering 'n addisionele R6 en R10 subsidie per jaar vir elementêre en middelbare onderwys

(4) Wet no. 1 van 1882, art. 1.

(5) Ibid., art. 8.

(6) Ibid., art. 9.

(7) Ibid., art. 11.

(8) Ibid., art. 12.

(9) Ibid., art. 3.

(10) Ibid., art. 6.

onderskeidelik betaal. (11)

4.1.2.3 Diverse bepalinge

Die onderwys is verdeel in primêre, sekondêre en tersiêre onderwys. (12) Die medium van onderrig was Nederduits. (13) Volledige verslae moes aan die einde van elke kwartaal ingedien word. (14) Onderwysers moes lidmate van Protestantse kerke wees. (15)

4.2 DIE ALGEMENE ONDERWYSONTWIKKELING IN DIE VRYHEIDSE DISTRIK GEDURENDE DIE DU TOIT-PERIODE: 1888-1891

4.2.1 Voorwoord

Hoewel S.J. du Toit se onderwyswet reeds in 1882 in die Z.A.R. van krag geword het, is genoemde wet eers in Junie 1888 in die Vryheidse distrik geïmplementeer. (16) Die Vryheidse distrik is in Junie 1888 by die Z.A.R. ingelyf. Aangesien daar in verslae van die Superintendent van Onderwys van die Z.A.R. geen melding gemaak word van skole in die Vryheidse distrik tot die einde van 1888 nie, moet aanvaar word dat Wet no. 1 van 1882 eers vanaf 1889 in die Vryheidse distrik in werking gestel is.

(11) Wet no. 1 van 1882, art. 16.

(12) Ibid., art. 4.

(13) Ibid., art. 7.

(14) Ibid., art. 10.

(15) Ibid., art. 12.

(16) Notule en besluite van die Volksraad van die Nieuwe Republiek, 1888-06-08. (NR. 7, p. 75).

4.2.2. Oprigting van skole

Die Du Toit-onderwyswet het die inisiatief vir die oprigting van skole in die hande van die ouers geplaas. (17) Van regeringskant is die stigting van skole gestimuleer deurdat subsidies betaal is per individuele leerling. (18)

In die Vryheidse distrik het hierdie bepalings die ouers aangemoedig om nuwe skole, veral wykskole, op te rig. Terwyl in 1888 nog slegs die Publieke Skool op die dorp Vryheid bestaan het, was daar in 1889 reeds een wykskool. In 1890 het die wykskole vermeerder tot 5 en in 1891 was daar nie minder nie as 12 wykskole terwyl 'n tweede dorpskool gestig is. (19)

4.2.3. Gratis onderwys

Dat in die pioniersgebied Vryheid ook baie behoeftige mense was, blyk uit die feit dat van die 62 leerlinge wat in 1889 in die dorpskool op Vryheid was, nie minder nie as 23 leerlinge gratis onderwys ontvang het. (20)

Du Toit se stelsel van subsidies aan skole met behoeftige leerlinge het dus ook onderwys moontlik gemaak vir 23 leerlinge van die dorpskool op Vryheid wie se ouers

(17) Wet no. 1 van 1882, art. 1.

(18) Ibid., art. 6.

(19) Die Redakteur: Die Nieuwe Republikein, 1891-12-03. s.p.

(20) Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek: Statistiek van Dorps- en Wijksholen op 31 December 1889. (ZAR 120, p. 3)

nie skoolgeld kon betaal nie. (21)

4.2.4 Medium van onderrig

Vanweë die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) het in die Z.A.R. 'n gevoel van opstand ontstaan teen alles wat Engels was. Die Du Toit-onderwyswet het dan ook bepaal dat die medium van onderrig die "Nederduitsche Taal" sou wees. (22)

Die Vryheidse distrik het 'n heterogene bevolkingsamestelling gehad wat baie Engelse ingesluit het. T.C. Stoffberg, wat in 1889 hoof van die Nieuwe Republiekskool op Vryheid geword het, het dan ook opgemerk dat die voertaal op skool meesal Engels was. Die meeste kinders kon hulle taamlik goed in Engels uitdruk en kon selfs gladweg uit die moeilike ou "Royal Readers" lees, maar van Hollands en syferkuns het hulle nie die vaagste benul gehad nie. Die skool het nou egter onder die Onderwysdepartement van die Z.A.R. geressorteer en die voertaal moes Nederlands wees. Alle eksamens sou ook in hierdie medium afgeneem word. (23)

(21) Wet no. 1 van 1882, art. 16.

(22) Ibid., art. 7.

(23) Van der Merwe, J.: Voertaal: Die Vryheidse Hoërskool. (In: Afrikaans, 1875-1975, p. 15).

4.3 DIE MANSVELT-PERIODE: 1892-1899

4.3.1 Inleiding

Op 1 Oktober 1891 het N. Mansvelt diens aanvaar as Superintendent van Onderwys van die Zuid-Afrikaanse Republiek. (24) Mansvelt het hom met groot ywer en kragdadige inspanning aan sy nuwe taak as Superintendent van Onderwys gewy. Hy wou die onderwys op 'n stelselmatige wyse organiseer, kontroleer en finansier. (25)

Om met die plattelandse onderwystoestande vertrouwd te raak, het hy tydens sy binnelandse reise verskeie wykskole en distrikskole besoek. (26) So het Mansvelt in 1891 onverwags met die poskar op Vryheid opgedaag en die skool op die verkeerde voet betrap. (27) Na sy besoek aan die skool het Mansvelt samesprekings gevoer met die hoof, T.C. Stoffberg, die twee Volksraadslede vir Vryheid in die Eerste en Tweede Volksraad van die Z.A.R. t.w. B. Brecher en C. Birkenstock, asook lede van die skoolkommissie. Mansvelt het 'n baie goeie indruk op die inwoners van Vryheid gemaak. (28)

Voordat Mansvelt sy onderwyswet deur die Volksraad laat aanneem het, het hy die konsepwet laat publiseer vir algemene inligting en bespreking. Die konsepwet is op 3 Maart 1892 in Vryheid in die "Nieuwe Republikein" ge-

(24) Barnard, op. cit., p. 73.

(25) Ibid., p. 73.

(26) Van der Walt, op. cit., p. 93.

(27) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1891-12-03. s.p.

(28) Ibid., 1891-12-03. s.p.

publiseer. (29) Op 4 Maart 1892 is daar dan ook 'n algemene vergadering op Vryheid gehou ten einde die nuwe wet te bespreek. (30) C. Birkenstock, Volksraadslid vir Vryheid, het ook in die plaaslike koerant 'n berig laat plaas waarin hy Mansvelt se konsepwet oor die onderwys verwelkom het. Die onderwys was vir hom belangrik, want die toekomstige voortbestaan van die volk het daarvan afgehang. Hy het ook gepleit vir die oprigting van loesiesgeriewe by elke wykskool. (31)

4.3.2 Onderwyswetgewing

Op 2 Junie 1892 is Mansvelt se onderwyswet, Wet no. 8 van 1892, deur die Volksraad van die Z.A.R. goedgekeur. (32) Die Mansveltwet het geen nuwe onderwysbeginsels bevat nie. Dit het slegs voortgebou op die Du Toit-onderwyswet, maar dit was vollediger. (33) Dit was hoofsaaklik op die beginsel van privaatinisiatief en staatsondersteuning gegrond. (34)

Wet no. 8 van 1893 het wysigings wat nodig geag was in die onderwyspraktyk, aangebring aan sekere artikels van Wet no. 8 van 1892. (35) Wet no. 14 van 1896 het wysigings aangebring aan die stelsel van subsidies. (36)

-
- (29) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1892-03-03. s.p.
 - (30) Ibid., 1892-03-10. s.p.
 - (31) Ibid., 1892-02-25. s.p.
 - (32) Barnard, op. cit., p. 73.
 - (33) Pistorius, P.: Gister en Vandag in die Opvoeding, p. 308.
 - (34) Van der Walt, op. cit., p. 94.
 - (35) Wet no. 8 van 1893.
 - (36) Wet no. 14 van 1896.

Wet no. 15 van 1896 het wysigings met betrekking tot onderwys op die Goudvelde bevat. (37)

4.4 DIE ALGEMENE ONDERWYSONTWIKKELING IN DIE VRYHEIDSE DISTRIK GEDURENDE DIE MANSVELT-PERIODE: 1892-1899

4.4.1 Beheer oor die onderwys

Net soos gedurende die Du Toit-tydperk, het die sentrale beheer oor die onderwys by die staat berus. Die Staat se rol was beperk tot algemene toesig oor die gees en rigting van die onderwys. (38)

Plaaslike beheer van die onderwys was nog in die hande van 'n skoolkommissie gelaat. Skoolkommissies van wykskole moes uit minstens 3 lede bestaan en skoolkommissies van dorpskole uit minstens 5 lede, gekies in oorleg met kerkraadslede, asook die landdros of veldkornet van die wyk. (39)

Volgens artikel 2(b) van Wet no. 8 van 1893 was die volgende manspersone geregtig om vir lede van 'n skoolkommissie te stem: vaders wat 'n kind of kinders in die skool gehad het vir 'n tydperk van drie maande wat die verkiesing voorafgegaan het, vaders wat hulleself skriftelik verbind het om 'n kind of kinders in die skool te plaas vir 'n tydperk van minstens 3 maande na die verkiesing, alle manspersone wat 'n bydrae tot die skoolfonds gemaak het

(37) Wet no. 15 van 1896.

(38) Wet no. 8 van 1892, art. 1.

(39) Ibid., art. 11.

tot bevrediging van die stemgeregtigdes van die betrokke skool. (40)

Daar kon geen bewys gevind word dat, met die verkiesing van skoolkommissies in die Vryheidse distrik, enige ongerymdheid of onenigheid tussen lede bestaan het nie. Slegs een ouer het gekla dat die kerkraad (waarskynlik bedoelende die kerkraad van die N.G. Kerk) lede benoem vir die skoolkommissie en dat hierdie lede dan tydens verkiesing ingestem word in die skoolkommissie. Hierdie gebruik het andersdenkende ouers die geleentheid van medebesluitneming in skoolsake ontnem. (41)

Waar baie skoolkommissies van wykskole voor 1892 uit slegs twee lede bestaan het, het alle skoolkommissies van wykskole na 1892 uit drie lede bestaan. (42)

Wet no. 8 van 1892 het bepaal dat geen onderwyser in 'n skoolkommissie mag dien nie, maar waar dit nodig was kon hy as sekretaris optree. (43) Slegs in die geval van een skool in die Vryheidse distrik het 'n onderwyser in 'n skoolkommissie gedien. Dit was die skool Skurfborg by Nondweni waar die onderwyser, M. Vlaskamp, in die skoolkommissie gedien het. Daar kon nie vasgestel word of Vlaskamp die sekretaris was nie aangesien die skool slegs vier maande bestaan het en geen korrespondensie beskikbaar was nie. (44)

(40) Wet no. 8 van 1893, art. 2(b).

(41) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, 1898-12-14. s.p.

(42) Register van skoolsubsidies, 1892-1899. (OD 215-217).

(43) Wet no. 8 van 1892, art. 13.

(44) Register van skoolsubsidies: 1892-1896. (OD 216, p. 210).

N. Mansvelt het ook die pligte van die skoolkommissies omskryf. Die skoolkommissie moes sorg vir 'n skoollokaal en meubels en moes ook die aanstelling van die onderwyser behartig. (45) Subsidies sou alleenlik uitbetaal word as die onderwyser, skoollokaal, meubels en toebehore deur die Departement van Onderwys goedgekeur is. (46) Die skoolkommissies moes toesien dat alle gelde in belang van die onderwys aangewend word en hulle moes driemaandeliks verslag doen. (47)

In die Vryheidse distrik was daar talle skole wat drie of vier maande bestaan het en dan weer gesluit is. Een moontlike rede vir die vroeë sluiting van skole kan wees dat die skoolkommissies nie vooraf deeglik besin het oor die spesifieke behoeftes van hul omgewing nie. Waar skole langer bestaan het, soos in die geval van Ngomo en die Nieuwe Republiekskool, was die hand van die skoolkommissie, soos later aangetoon sal word, duidelik sigbaar.

4.4.2 Die Taalklousule

Die Mansvelt-onderwyswet het bepaal dat onderwys gegee moes word in die Hollandse Taal. (48) In die derde standerd mag nie meer as 3 lesure per week aan 'n vreemde taal gewy word nie. (49)

In die geval van middelbare onderwys kon 4 lesure per

(45) Wet no. 8 van 1892, artt. 14-15.

(46) Ibid., art. 20.

(47) Ibid., artt. 21-22.

(48) Ibid., art. 24.

(49) Ibid., art. 25.

week aan 'n vreemde taal gewy word. (50) Die woord "Engels" is nie gebruik in verband met 'n vreemde taal nie en die Mansvelt-bepaling kon dus na enige taal verwys het. Mansvelt sou hierdie bepaling, nl. dat Hollands die medium van onderwys moes wees, baie streng toepas. (51) "de Wet eischt dat het onderwijs gegeven zal worden in de Nederduitsche (Hollandsche) taal ..., en dat het onderricht in en door middel van eene andere taal geheel bijzaak zal zijn". (52)

In die Vryheidse distrik het hierdie taalklousule heelwat beroeringe veroorsaak. Reeds met die publisering van Mansvelt se konsepwetsontwerp is daar 'n openbare vergadering gehou ten einde die wet te bespreek. Tydens die vergadering het P. Fourie gesê hy vind dit verkeerd om toegewings aan Engelse kinders te maak ten opsigte van onderrig in hul taal. Prokureur Katzenstein het hom uitgespreek ten gunste van onderrig aan Engelse kinders deur medium van Engels, maar hy is vinnig op die vingers getik met die opmerking dat 'n ongetroude prokureur niks weet van kinders grootmaak nie. "Leer 'n mens 'n kind Engels, dan word hy Engels". (53)

Die aandrang van die Engelse op gelykberegtiging van hul taal, veral op die Witwatersrand waar baie Engelse saamgetrek was vanweë die goudmynbedryf, het veral na 1896 baie sterk geword. Selfs die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk het aanbeveel dat meer Engelse

(50) Wet no. 8 van 1892, art. 25.

(51) Pistorius, op. cit., p. 309.

(52) Schoolgids, 1892, pp. 6-7.

(53) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1892-03-10. s.p.

onderwysers aangestel moes word aangesien daar nie genoeg Hollandssprekende onderwysers gevind kon word nie. (54)

Uit die Vryheidse distrik het 'n brief in "De Nieuwe Republikein", die Vryheidse koerant, verskyn waarin die skrywer gemeen het dat die saak eers moes wag. Hy het gevoel dat onderwysers uit die Kaapkolonie hulle opleiding in Engels ontvang het en wanneer hulle in die noorde aangestel sou word, sou hulle die liberalistiese invloed van Stellenbosch oordra op die kinders van die noordelike gebiede. (55)

Nog 'n skrywer het 'n meer gematigde en realistiese houding aangeneem. Hy het dit as noodsaaklik beskou dat kinders in sowel Hollands as Engels onderrig moes word en nie slegs in Hollands nie. Hy het beide tale as nodig beskou vir 'n gesonde Afrikaanse opvoeding. Kennis van albei tale sou ook tot 'n beter verstandhouding tussen die twee volksgroepe lei. Daarby was kennis van Engels ook nodig vir die leer van Europese geskiedenis. (56)

In die Nieuwe Republiekskool op Vryheid is hierdie taalklousule ook nie streng toegepas nie. Nederlands was die voertaal terwyl Engels die opsionele bytaal was, maar die onderwysers het hulle uiterste bes probeer om die kinders na skoolure Engels te leer. A.B. van Niekerk, hoof van die skool vanaf Julie 1895, het gewoonlik vanaf 16h00 tot 18h00 ekstra klasse gegee, veral in Engels. Gedurende T. C. Stoffberg en A.B. van Niekerk se tyd is kandidate ook opgestuur vir die ou Kaapse Elementary-

(54) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid.
1898-04-20. s.p.

(55) Ibid., 1898-04-20. s.p.

(56) Ibid., 1896-05-07. s.p.

en School Higher-eksamen. Beide het nie alleen 'n hoë gehalte van Engels vereis nie, maar is ook in Engels afgeneem. (57)

Voorts het N. Mansvelt bepaal dat alle skoolboeke in die Hollandse taal geskryf moes word. (58)

Die streng toepassing van die taalklousule en Mansvelt se weiering om gehoor te gee aan die eise van die Engelse vir meer Engels in die skole (59), het die aantal privaat=skole wat onder S.J. du Toit se beheer verminder het, weer laat toeneem. (60) In Vryheid is in Junie 1893 die Jonge Dames Seminarie gestig. Die medium van onderrig was Engels. (61) In Julie 1894 is daar ook op Vryheid 'n vergadering gehou waarop besluit is om 'n Engelse Jongen=skool op die dorp te stig. (62)

4.4.3 Personeelvoorsiening en die bevoegdheid van onderwysers

Artikel 29 van Wet no. 8 van 1892 het bepaal dat 'n onderwyser wat aan 'n dorpskool verbonde was, in besit van 'n onderwyssertifikaat moes wees. (63) 'n Onderwyser kon egter wel sonder 'n onderwyssertifikaat tot 'n skool toege=

(57) De Wet, J.F.: Die Nieuwe Republiekskool tydens die Transvaalse tydperk, 1888-1900. (In: Gedenk=boek, Vryheid Hoërskool, p. 9).

(58) Wet no. 8 van 1892, art. 27.

(59) Barnard, op. cit., p. 90.

(60) Pistorius, op. cit., p. 309.

(61) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1894-06-22. s.p.

(62) Ibid., 1894-07-19. s.p.

(63) Wet no. 8 van 1892, art. 29.

laat word, mits hy: ouer as 30 jaar oud was, voor die invoering van die Wet reeds drie jaar lank in die Z.A.R. skoolgehou het en bewys kon lewer van goeie sedelike gedrag. Verder moes die inspekteur in wie se wyk so n persoon geval het, verklaar dat die persoon n bekwame onderwyser was. (64)

In die Vryheidse distrik was daar gedurende 1897 sewentien onderwysers. Net een was in besit van n onderwyssertifikaat van die Z.A.R. Twee was in besit van buitelandse sertifikate, vier het ander as onderwyssertifikate gehad en nege het geen sertifikate gehad nie. (65) In n brief wat in "De Nieuwe Republikein" verskyn het, meld die skrywer dat dit duidelik is dat daar n groot behoefte aan opgeleide onderwysers in die Vryheidse distrik bestaan. Hy meen dat onderwysers meer status kry as wat hulle verdien. Privaat gesubsidieerde skole moet verdwyn en goeie goewermentskole moet slegs op dorpe opgerig word. (66)

In die Vryheidse distrik was onderwysers darem altyd bekombaar. Op enkele uitsonderings na was die peil van onderwys ook baie goed. In soverre dit die Nieuwe Republiekskool aanbetref, was dit uitstekend aangesien kandidate van T.C. Stoffberg en A.B. van Niekerk altyd baie goeie resultate behaal het. In Julie 1896 is bv. die uitslae van kandidate wat ingeskryf was vir die Kaaplandse eksamens bekend gemaak. C.H. Davey het die School Higher-eksamen met sukses afgelê. Vir die School Elementary is nege kandidate ingeskryf waarvan agt geslaag

(64) Wet no. 8 van 1892, art. 32.

(65) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1897-05-27. s.p.

(66) Ibid., 1897-05-27. s.p.

het. (67)

In April 1898 het J. van Schalkwyk en F.W. van Reenen ook die onderwyserseksamen, derde klas, afgelê en daarin geslaag. Dit was 'n merkwaardige prestasie aangesien slegs ses kandidate in die hele Z.A.R. in die betrokke eksamen geslaag het. (68)

4.4.4 Die betaling van subsidies

Onder die nuwe subsidiestelsel is die onderwys bevorder deurdat die betaling van subsidies gebaseer is op die bydraes wat deur die ouers self gelewer is, m.a.w. die skoolgeld. Vir elke R4 wat die skoolkommissie sou ontvang sou die regering R10 bydra. Die subsidies sou driemaandeliks uitbetaal word en die regeringsubsidie sou in geen geval 25c per leerling vir primêre onderwys en 35c per leerling vir middelbare onderwys oorskry nie. (69)

Artikel 18 het bepaal dat geen subsidie meer vir behoeftige leerlinge uitbetaal sou word nie. (70) Hierdie bepaling is egter gewysig deur Wet no. 8 van 1893 waardeur 'n driemaandelikse subsidie van R3 aan werklik behoeftige leerlinge toegestaan is. (71) Die wet het egter vereis dat 'n verklaring wat die behoeftigheid van sodanige leerlinge bevestig, onderteken moes wees deur drie kerkraadslede en die veldkornet. (72)

(67) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1896-07-23. s.p.

(68) Ibid., 1898-04-20. s.p.

(69) Wet no. 8 van 1892, art. 17.

(70) Ibid., art. 18.

(71) Wet no. 8 van 1893, art. 3.

(72) Ibid., art. 3.

Subsidies sou alleenlik uitbetaal word nadat die onderwyser, skoollokaal en meubels deur die Superintendent van Onderwys goedgekeur is. (73) Die kwartaalstate en afwesigheidsverslae moes ook in orde wees. (74)

Wet no. 14 van 1896 het die subsidies nog verder uitgebrei. Kinders wat verder as drie myl van 'n skool gewoon het, het 'n losiesbeurs van tussen R6 en R12 per kwartaal ontvang. (75)

In Vryheid het die Engelse Jongenskool en die Jonge Dames Seminarie geen subsidie van die staat ontvang nie. Die voertaal in hierdie twee skole was Engels en gevolglik het hulle nie voldoen aan die vereistes van die wet nie. (76) Subsidie is ook geweier aan die skool van mej. L.J. Craig op Vryheid. Die skool is blykbaar as gevolg hiervan gesluit. N. Mansvelt was ook daarteen gekant om op 'n klein dorpie soos Vryheid twee skole te ondersteun aangesien dit die kragte verdeel het. (77) Die skool is ook geïnspekteer op 10 Maart 1892. Die inspekteur het die standaard van die werk aan mej. L.J. Craig se skool baie onbevredigend gevind. (78)

4.4.5 Skoollokale

Waar dit wenslik of noodsaaklik voorgekom het, het die

(73) Wet no. 8 van 1892, art. 17.

(74) Ibid., art. 19.

(75) Wet no. 14 van 1896, art. 10.

(76) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1894-07-27. s.p.

(77) Ibid., 1891-12-03. s.p.

(78) Inspeksieverslag van Unieskool, Vryheid. 1891-03-10. (ZAR 121, p. 100).

regering die bevoegdheid gehad om aan skoolkommissies van wykskole R1 per maand subsidie te betaal vir die huur van 'n skoollokaal. (79) Hierdie bepaling is deur wet no. 8 van 1893 gewysig om te lees: R1 vir 'n skoollokaal geskik vir 10 kinders, R1.50 vir 'n skoollokaal geskik vir 20 kinders en R2 per maand vir 'n lokaal geskik vir 30 kinders. Verder kon skoolkommissies tot soveel as die helfte van die bedrag wat nodig was vir die oprigting van 'n skoolgebou van die regering leen teen 'n vasgestelde rentekoers. (80)

Kragtens wet no. 14 van 1896 was skoolkommissies wat lokale tot bevrediging van die regering opgerig het, geregtig op 'n driemaandelikse toelaag ter dekking van die rente op die kapitaal wat benodig was vir die oprigting van die gebou. (81)

Gedurende die Mansvelttydperk is daar in Vryheid op die staatsplaas Ngomo 'n nuwe skoolgebou opgerig. Die skoolkommissie het die gebou laat oprig vir £178-0-4. Die skoolkommissie het gevra dat die Departement die geld moet uitbetaal, asook 'n verdere £86-0-0 aan die skoolkommissie moes leen vir aanbouing aan die skool. (82) Die regering het daarop die gebou van die skoolkommissie oorgeneem vir £185-0-0. Die gebou is daarna vergroot en ten opsigte van die aangeboude gedeelte het die regering £13-10-0 skoolhuur betaal totdat die koste ver=

(79) Wet no. 8 van 1892, art. 9.

(80) Wet no. 8 van 1893, art. 1.

(81) Wet no. 14 van 1896, art. 3

(82) Liversage, S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ngomo, 1897-01-12. (OD 121, p. 30).

bonde aan die aanbouing ook uitbetaal sou word. (83)

So ook het ouers in wyk 3 op die plaas Erasmusfontein die winkel bekom van Webster en Myburgh. (84) Dit sou as skoolgebou dien. Blykbaar is die plaashuis en ander buitegeboue ook bekom, want in die volgende jaar is die opstal en buitegebou, uitgesonderd die skoollokaal, aan C. du Buson verhuur vir 'n termyn van twee jaar teen R2 per maand, betaalbaar in driemaandelikse termyne. (85)

4.4.6 Inskrywing en skoolbywoning

Skoolbywoning is in daardie jare deur siektes, gure weersomstandighede asook heuglike gebeurtenisse beïnvloed. Die skool op Sweet Home was vir die periode 23 November 1896 tot 30 November 1896 gesluit. Die onderwyser het aan die Departement berig dat die eienaar van die plaas waarop die skool geleë was, G. Vermaak, só besig was om voorbereidings te tref vir sy dogter se troue dat dit onmoontlik was om ook nog skool te hou. (86)

Baie leerlinge is ook tuis gehou weens arbeidsprobleme tuis. So was daar tydens die inspeksie van 1895 3 leerlinge van die Nieuwe Republieksskool op Vryheid afwe-

(83) Liversage, S.: Brief aan die Departement van Onderwys i.s. aansoek om subsidie. Ngomo, 1897-12-20. (OR 17070/97).

(84) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1895-08-12. s.p.

(85) Huurooreenkoms: 1896-02-11. (Nieuwe Republiek Museum).

(86) Koning, W.A.: Brief aan die Departement van Onderwys. Sweet Home, 1896-11-30. (OR 10009/96).

sig weens arbeid. (87) Tydens die inspeksie van die skool op Roodepoort was daar die betrokke dag 7 van die 23 leerlinge afwesig weens "skaarsheid van volk". (88) In 'n verslag van die Departement van Onderwys, soos gepubliseer in die plaaslike koerant, word gemeld dat dit 'n verblydende teken is dat al hoe meer leerlinge hoër onderwys ontvang. 60% van die leerlinge op skool is egter nog bo die ouderdom van 13 jaar. Die rede hiervoor is dat ouers die kinders op plaas hou om te werk weens die arbeidstekort. So word die kinders dan die beste jare van hulle skoollewe ontnem. (89)

Leerlinge is ook tuis gehou vanweë onverskilligheid van die ouers, of onvoldoende dissipline op skool. Tydens sy besoek aan Unieskool op Vryheid op 10 Maart 1892, skryf die inspekteur in sy verslag dat van die 44 leerlinge op skool 13 in die voormiddag en 11 in die namiddag afwesig was. (90)

Tydens inspeksie van die Nieuwe Republiekskool in Maart 1892, spreek inspekteur J. Nieuwenhuijze die skool toe en betig die kinders omdat hulle so baie wegbly van die skool. Toe hy egter klaar gepraat het, word 'n halwe dag vakansie toegestaan. (91) Vermaan en mooipraat het niks gehelp nie, want tydens die inspeksie van 1894 was 15 van die 89 leerlinge afwesig: 7 as gevolg van

(87) Inspeksieverslag van die Nieuwe Republiekskool, Vryheid. 1895-08-22. (ZAR 124, p. 16).

(88) Van der Vlies, A.: Brief aan die editeur van "De Nieuwe Republikein", Vryheid. 1891-12-31.

(89) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1894-05-11. s.p.

(90) Inspeksieverslag vir die skool, Unieskool, Vryheid. 1892-03-10. (ZAR 121, p. 101).

(91) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1892-03-10. s.p.

ongunstige weer, 2 uit vrees vir pokke, 1 deur huis=
werk en 5 se redes was onbekend. (92)

4.4.7 Leerplanne en bevordering

Die Wet (93) het bepaal dat die volgende vakke aangebied moes word vir Laer Onderwys: Bybelse geskiedenis, Lees, Skryf, Rekene, Sang, die Beginsels van die Hollandse Taalkunde en die Geskiedenis van die Z.A.R.; en vir Mid=
delbare Onderwys: behalwe die voortsetting en uitbreiding van genoemde vakke vir Laer Onderwys, ook 'n grondige kennis van die Hollandse Taal, asook Geskiedenis en Aar=
drykskunde. As hoofvakke is gereken Bybelse geskiedenis, Hollandse lees, Spel en Rekene. (94)

Inspekteurs het jaarliks die skole besoek om leerlinge te inspekteur. Elke leerling moes individueel getoets word. Leerlinge is skriftelik sowel as mondelings getoets en bevordering het afgehang van die uitslag van so 'n inspeksie. Om bevorder te kon word na 'n volgende stan=
derd, moes 'n leerling minstens twee derdes van die maksim=
um punte behaal. (95)

So 'n inspeksiedag was nie maklik vir die kinders nie. Hulle het gesidder en gebeef as die inspekteur die klas=
kamer binnestap want van so 'n toets het die bevordering of terughou van 'n kind afgehang. (96)

(92) Inseksieverslag van die Nieuwe Republiekskool, Vryheid. (ZAR 123, p. 81).

(93) Wet no. 8 van 1892, art. 4.

(94) Mansvelt, N.: Algemene Instruksies aan Inspek=
teurs. (In: Schoolgids, 1892, p. 82).

(95) Ibid., p. 82.

(96) De Wet, J.F.: Die Nieuwe Republiekskool tydens die Transvaalse Tydperk, 1888-1900. (In: Jaarblad, Hoërskool Vryheid, 1978, p. 7).

Inspekteurs wat skole in die Vryheidse distrik besoek het, was J.K.M. te Boekhorst, J. Nieuwenhuijze, T.C. Stoffberg en J.L. Moerdijk. (97)

4.5 INDIVIDUELE SKOLE IN DIE VRYHEIDSE DISTRIK GEDURENDE DIE PERIODE 1888-1902

4.5.1 Die Nieuwe Republiekskool te Vryheid, Wyk 1, distrik Vryheid

4.5.1.1 Skoolkommissie

Tot lede van die skoolkommissie vir 1899 was verkies J.J. Vermaak, T. Jones, G. van Reenen, W. Schoon, J. van Schalkwyk en P.R. Gauche. (98) Lede van die skoolkommissie van die Nieuwe Republiekskool het deurgaans die belange van die skool op die hart gedra. In 1897 berig die inspekteur dan ook as volg: "Het is te hopen, dat ook andere dorpen de samwerking en den ondernemingsgeest van deze commissie zullen navolgen...". (99)

4.5.1.2 Akkommodasie

Met die stigting van die skool in April 1886 moes 'n winkel voorlopig diens doen as skool. In 1888 is 'n nuwe skool=

(97) De Wet, J.F.: Die Nieuwe Republiekskool tydens die Transvaalse Tydperk, 1888-1900. (In: Jaarblad, Hoërskool Vryheid, 1978, p. 7).

(98) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1898-12-07. s.p.

(99) Inspeksieverslag van die Nieuwe Republiekskool, Vryheid. 1897-12-10. (ZAR 126, p. 233).

gebou opgerig. Die formele opening van die skool het op 19 Augustus 1889 plaasgevind. Die skoolgebou sou ook n tyd lank diens doen as noodkerk totdat die klipkerk voltooi was. (100)

Die inspekteur het berig dat die skoolgebou uitmuntend is. (101) Die skool het 2 lokale gehad wat blykbaar vir 5 onderwysers en 107 leerlinge voldoende was. (102)

In 1897 het die skoolkommissie 2 vleuels aan die gebou laat aanbring teen n koste van f1800-0-0. Die lokale is hierdeur vermeerder tot 6. (103) Die skoolkommissie het ook n netjiese skoolhuis omskep in n koshuis wat onder beheer van die hoof gestaan het. (104) T.C. Stoffberg wat op Riebeeck-Wes koshuisvader van die koshuis Die Ark was, het sy nuwe kosinrigting ook Die Ark gedoop. (105)

Die ou geboutjie was klein en ongerieflik en volgens mev. Stoffberg moes hulle soms 6 tot 7 seuns in een kamertjie huisves, maar die ouers en kinders het nie omgee nie, solank die kinders tog net kon skoolgaan. (106)

(100) De Wet, J.F.: Die Nieuwe Republiekskool tydens die Transvaalse tydperk, 1888-1900. (In: Jaarblad, Hoërskool Vryheid, 1978, p. 7).

(101) Inspeksieverslag van die Nieuwe Republiekskool, Vryheid. 1892-03-02. (ZAR 121, p. 97).

(102) Ibid., 1895-08-07. (ZAR 124, p. 16).

(103) Ibid., 1897-12-02. (ZAR 126, p. 233).

(104) Ibid., 1897-12-02. (ZAR 126, p. 233).

(105) De Wet, J.F.: Die Nieuwe Republiekskool tydens die Transvaalse Tydperk, 1888-1900. (In: Jaarblad, Hoërskool Vryheid, 1978, p. 9).

(106) Ibid., p. 9.

4.5.1.3 Personeelvoorsiening en onderwyspeil

T.C. Stoffberg is in Augustus 1889 aangestel as hoof van die Nieuwe Republiekskool. Stoffberg is aangestel as gevolg van die bemoeiing van ds. A.J. Louw, predikant van die N.G. Kerk en vroeër ook van Riebeeck-wes. Stoffberg is aangestel teen 'n salaris van R500 per jaar. (107)

In 1890 is 'n dogter van prof. N.J. Hofmeyr aangestel as assistente. Weens swak gesondheid moes sy haar werk gou laat vaar. Mej. N. Burger was die volgende assistente. Mej. Burger is later met president L. Meyer getroud. (108) Die hulponderwyseresse vir 1890 word aangegee as mejuffroue N. Burger en Muller. (109) C.D. Murray is aangestel as hulponderwyser vanaf Oktober 1891. (110) Murray was 'n groot aanwinst vir die skool weens sy vlyt en innige belangstelling in die kinders, veral op die speelgrond en buite skoolure. C.D. Murray het later predikant in Pretoria geword. (111) Die assistente in 1894 was J.C. Gräbe en mej. N. Burger. (112)

In April 1895 is T.C. Stoffberg aangestel as inspekteur van skole. Aangesien 'n nuwe hoof nie onmiddellik gevind kon word nie, het die kerkraad van die N.G. Kerk die

(107) De Wet, J.F.: Die Nieuwe Republiekskool tydens die Transvaalse Tydperk, 1888-1900. (In: Jaarblad, Hoërskool Vryheid, 1978, p. 9).

(108) Ibid., p. 9.

(109) Ibid., p. 9.

(110) Jaarblad: Hoërskool Vryheid, 1973. p. 126.

(111) Inspeksieverslag vir die Nieuwe Republiekskool, 1892-03-03. (ZAR 121, p. 97).

(112) De Wet, J.F.: Die Nieuwe Republiekskool tydens die Transvaalse Tydperk, 1888-1900. (In: Jaarblad: Hoërskool Vryheid, 1978, p. 9).

skoolkommissie versoek om die leraar van die N.G. Kerk, ds. G.F. Marais, tydelik aan te stel as hoof van die skool. (113) Sedert Julie 1895 was A.B. van Niekerk hoof van die skool. Die assistente vir 1895 was J.R. Steyn en mejuffroue L.J. van Breda, A. Uijs en J. Hutchinson (kwekeling). (114) Die assistente vir 1896 was dames A. Uijs, N.E. Marais en H.J. Wichmann. (115) Die assistente vir 1897 was H. Wichmann en dames E. Botha, N.E. Marais, A. Botha en A. Uijs. (116)

Die personeel vir 1899 word aangegee as A.B. van Niekerk, H.J. Wichmann, mejuffroue N.E. Marais, A. Botha, E. Botha, L.J. van Breda, J. Basson, W.A. van Niekerk, H.L. Pienaar en H.C. Olivier. (117) In 1898 is 'n vakante assistentspos by die skool geadverteer. Die salaris was R180 per jaar plus R80 toelae vir losies. (118)

Met die uitbreek van die oorlog het A.B. van Niekerk, die mansonderwysers en die groter seuns van die skool almal op kommando vertrek. Die damespersoneel het voortgegaan met skoolhou totdat Vryheid in 1900 deur die Engelse ingeneem is. A.B. van Niekerk is in 1901 tydens die

(113) Anon: N.G. Kerk Moedergemeente. (In: Gedenkblad. 1886-1961. s.p.).

(114) Inspeksieverslag van die Nieuwe Republiekskool, 1895-08-06. (ZAR 124, p. 16).

(115) Ibid., 1896-03-12. (ZAR 125, p. 42).

(116) Ibid., 1897-12-02. (ZAR 126, p. 231).

(117) Register van Dorp en Wykskole in Vryheid, 1899. (OD 337, p. 1).

(118) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1898-05-04. s.p.

bestorming van Itala, noodlottig gewond. (119)

Die onderwyspeil in die Nieuwe Republiekskool was besonder hoog. Tydens die skoolinspeksie in 1892 was die inspekteur só beïndruk deur die standaard wat gehandhaaf is dat T.C. Stoffberg aanbeveel is vir die sertifikaat vir verdienste Eerste Klas. (120)

In 1893 is T.C. Stoffberg aanbeveel vir die toekenning van 'n honorarium van R50 aangesien hy en sy skool voldoen het aan al die vereistes deur die Wet gestel. (121)

T.C. Stoffberg het sy werk altyd deeglik gedoen, maar ook ten opsigte van die assistente is goeie verslae gelewer. Mej. N.E. Marais se les tydens inspeksie was boeiend en belangwekkend, terwyl van mej. A. Botha gesê is dat "deur onvermoeide ywer, sy hierdie inrigting uitstekende diens bewys". (122)

A.B. van Niekerk het, wat ywer en deeglikheid aanbetref, ook nie vir T.C. Stoffberg teruggestaan nie. Tydens die skoolwedstryd van 1897 was die eerste vier name op die lys van geslaagde kandidate in die Z.A.R. name van kinders uit die Nieuwe Republiekskool. (123) Die inspekteur het die stelling gemaak dat "hierdie inrigting seker een van die voortreflikstes in die Z.A.R. is en strek die Republiek tot eer. Baie van die sukses is te wyte

(119) De Wet, J.F.: Die Nieuwe Republiekskool tydens die Transvaalse Tydperk, 1888-1900. (In: Jaarblad: Hoërskool Vryheid, 1978. p. 11).

(120) Inspeksieverslag van die Nieuwe Republiekskool, 1892-03-03. (ZAR 121, p. 99).

(121) Ibid., 1893-06-08. (ZAR 122, p. 26).

(122) Ibid., 1897-12-02. (ZAR 126, p. 232).

(123) Ibid., 1897-12-02. (ZAR 126, p. 233).

aan die ywer en nougesetheid waarmee die onderwysers daaglik hulle lesse voorberei, asook die goeie gesindheid wat daar tussen onderwysers en leerlinge heers". (124)

4.5.1.4 Inskrywing

In 1889 was 62 leerlinge aan die Nieuwe Republiekskool verbonde. (125) Die leerlingtal het in 1890 gestyg tot 90 (126) en tot 92 in 1892. Van hierdie leerlinge het 30 gratis onderwys ontvang. (127) Die getal inskrywings het in 1893 gedaal tot 76 vanweë die opening van 'n opposisieskool, die Jonge Dames Seminarie, (128) maar weer tot 116 leerlinge in 1896 gestyg. 42 van hierdie leerlinge het gratis onderwys ontvang. (129) In 1897 het die leerlingtal gestyg tot 161 leerlinge waarvan 55 leerlinge gratis onderwys ontvang het. (130) Hierdie skerp styging in getalle kan seker ten dele toegeskryf word aan die regeringsubsidie van R6 tot R12 wat vanaf 1897 ten opsigte van losiesgeld aan behoeftige leerlinge betaal is. (131)

In Augustus 1899 het inspekteur J.L. Moerdijk die Nieuwe Republiekskool vir twee weke lank besoek ten einde eksa=

-
- (124) Inspeksieverslag van die Nieuwe Republiekskool, 1897-12-02. (ZAR 126, p. 233).
- (125) Inspeksieverslag van die Nieuwe Republiekskool, 1889. Jaarverslae van die Superintendent van Onderwys in die Z.A. Republiek, 1883-1898. (ZAR 120).
- (126) Ibid., (ZAR 120).
- (127) Ibid., 1892-03-03. (ZAR 121, p. 97).
- (128) Ibid., 1893-06-08. (ZAR 122, p. 24).
- (129) Ibid., 1896-03-12. (ZAR 125, p. 42).
- (130) Ibid., 1897-12-02. (ZAR 126, p. 233).
- (131) Wet no. 14 van 1896, art. 10.

mens af te neem. Tydens die inspeksie was daar 249 leerlinge op skool waarvan 109 leerlinge in standerd 1, 53 in standerd 2, 42 in standerd 3, 33 in standerd 4, 11 in standerd 5 en 5 in standerd 6 was. (132)

Met die uitbreek van die oorlog het die getal leerlinge vermeerder tot meer as 300. (133) Hierdie dramatiese styging kan toegeskryf word aan die feit dat met die uitbreek van die oorlog, baie mans op kommando gegaan het terwyl die vrouens dorp toe moes getrek het. Die gevolg vir die onderwys was dat die bestaande plaasskole gesluit het en die dorpskool 'n toestroming van leerlinge ondervind het.

4.5.2 Die Skool Nooitgedacht, Wyk 1, distrik Vryheid

4.5.2.1 Stigting en beheer

Die skool het twee bestaanstye gehad. Dit is die eerste keer geopen op 7 April 1890. (134) Die skool is in 1892 gesluit sonder dat enige rede vir die sluiting van die skool aan die Onderwysdepartement verstrekkend is. (135) Op 13 Oktober 1897 is die skool egter weer geopen. (136)

(132) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1899-08-22. s.p.

(133) De Wet, J.F.: Die Nieuwe Republiekskool in die Transvaalse Tydperk, 1888-1900. (In: Jaarblad, Hoërskool Vryheid, 1978. p. 11).

(134) Inspeksieverslag van die skool Nooitgedacht, 1890-10-13. (ZAR 120, p. 61).

(135) Register op aanvrae skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(136) Inspeksieverslag van die skool Nooitgedacht, 1897-10-13. ZAR 126, p. 230).

Die skoolbestuur gedurende hierdie tyd was P.J. Fourie (voorsitter en bewoner van die plaas), P.C. de Jager (sekretaris) en J.H. van Niekerk. (137) Die skool is finaal gesluit op 31 Desember 1898. (138)

4.5.2.2 Akkommodasie en leerlingtal

Die inspekteur het in sy verslag berig dat die lokaal geskik en die meubels voldoende was. (139) 9 Leerlinge was tydens die inspeksie van 1890 op die register en gedurende die inspeksie van 1892 was daar 8 leerlinge. Met die heropening van die skool in 1897 was daar 19 leerlinge by die skool ingeskryf. Daar was 11 leerlinge in standerd 1 en 8 leerlinge in standerd 2. (140)

4.5.2.3 Personeelvoorsiening en onderwyspeil

Gedurende die periode 1890 tot 1892 was S. Schrivezande onderwyser aan die skool. Die inspekteur was tevrede met sy werk en het berig dat sy onderwys grondig was. (141) S. Schrivezande se onderwys het, wat gehalte aanbetref, goed vergelyk met die standaard van die Nieuwe Republiekskool. (142) Vanaf 13 Oktober 1897 was W. Beukenkamp hoof van die skool. Ook ten opsigte van Beuken-

(137) Wykskole. (OD 337, p. 33).

(138) Ibid., p. 33.

(139) Inspeksieverslag van die skool Nooitgedacht, 1892-03-05. (ZAR 121, p. 98).

(140) Ibid., 1897-10-13. (ZAR 126, p. 230).

(141) Ibid., 1892-03-05. (ZAR 121, p. 98).

(142) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1892-03-10. s.p.

kamp het inspekteur J.Nieuwenhuijze berig dat die onderwys aan sy skool "verklarend en methodisch" was. (143)

4.5.3 Die Skool Unieskool, Vryheid

4.5.3.1 Stigting

Die skool is gestig op 14 November 1891. Die skoolkommissie het bestaan uit P.A. van Veen (sekretaris) en P. Henderson. Die skool is na slegs 7 maande op 30 Junie 1892 gesluit. (144)

4.5.3.2 Leerlingtal en skoolbywoning

Volgens die inspeksieverslag van die inspekteur vir die inspeksie van 1892 was daar 44 leerlinge op die register. Daar was eintlik 54 leerlinge in die skool, maar 6 was onder 6 jaar oud en 4 was só min op skool dat hulle nie as ingeskrewe leerlinge gereken kon word nie. (145)

Die skool het meer die karakter van 'n bewaarskool gehad vanweë die klein kindertjies wat daarheen gestuur is om eintlik opgepas te word. Skoolbywoning was ook wisselvallig, want leerlinge het skynbaar weggebly uit onverskilligheid. (146) Die leerlingtal vir Mei 1892 was

(143) Inspeksieverslag van die skool Nooitgedacht, 1892-03-05. (ZAR 121, p. 98).

(144) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(145) Inspeksieverslag van Unieskool, 1892-03-10. (OD 121, p. 100).

(146) Ibid., p. 101.

52. (147)

4.5.3.3 Personeelposisie en onderwyspeil

Mej. L.J. Craig was die hoofonderwyseres aan hierdie skool. Sy is bygestaan deur mej. J. Hutchinson. (148) Gedurende Mei 1892 was mej. Van Pommeren hoof van die skool.(149)

Die standaard van onderwys aan hierdie skool was nie na wense nie en die regering het die uitbetaling van subsidie geweier. (150) Die orde en reëling van die skool het veel te wense oorgelaat. Daar is ook geen vaste rooster gevolg nie. Dit was te wyte aan die getal klein kindertjies wat die skool bygewoon het en wat veroorsaak het dat die kinders in die hoër standers nie voldoende aandag gekry het nie. (151) Die hoogste klas in die skool was standerd 3 met 5 leerlinge. Al die leerlinge in die skool het Engels geleer, ook die 13 leerlinge in die substanders. (152)

Dit was in stryd met die Mansveltwet wat bepaal het dat daar vanaf die derde standerd 5 periodes per week afge=

(147) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1892-05-26. s.p.

(148) Inspeksieverslag van Unieskool, 1892-03-10. (ZAR 121, p. 100).

(149) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1892-05-26. s.p.

(150) Register van skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(151) Inspeksieverslag van Unieskool, 1892-03-10. (ZAR 121, p. 101).

(152) Ibid., p. 101.

staan mag word aan die leer van 'n vreemde taal. (153)
Mej. L.J. Craig se Hollands was só swak dat sy dit nie
kon waag om vir die standerd drie-klas onderwys deur
medium van Hollands te gee nie. (154)

4.5.4 Die skool te Erasmusfontein, Wyk 3, distrik Vryheid

4.5.4.1 Wisselende bestaan van die skool

Die skool is in Januarie 1893 geopen. (151) Die skool
het gesluit op 10 Oktober 1899, een dag voordat oorlog
tussen die Z.A.R. en Engeland uitbreek het. (156)
Die skool het 'n baie wisselende bestaan gehad. Uit in=
speksieverslae van inspekteurs van onderwys blyk dit
dat die skool by 3 geleenthede geopen is, te wete
Januarie 1893, 11 Februarie 1895, (157) en Januarie 1896.
(158)

Dit was nie bloot die jaarlikse openinge van die skool
nie. In Desember 1895 is bv. berig dat die ouers van
Wyk 3 die winkel van Webster en Myburgh bekom het
om as skool te dien. Die voorsitter van die skoolkommis=

(153) Wet no. 8 van 1892, art. 25.

(154) Inspeksieverslag van Unieskool, 1892-03-10. (ZAR
121, p. 101).

(155) Inspeksieverslag van die skool Erasmusfontein,
1893-03-30. (ZAR 122, p. 31).

(156) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(157) Inspeksieverslag van die skool Erasmusfontein,
1897-11-24. (ZAR 126, p. 227).

(158) Ibid. (ZAR 125, p. 242).

sie, veldkornet S. Grobler, het 'n versoek tot ds. G.P. Marais van die N.G. Kerk gerig om vir hulle 'n onderwyser te soek. (159)

Die skoolbestuur vir 1896 word aangegee as S. Grobler (voorsitter), J.J. Grobler (sekretaris) en L.A.J. Erasmus (bewoner van die plaas). (160) Die skoolbestuur vir 1899 was soos volg saamgestel: S. Grobler (voorsitter), J.J. Koekemoer, E.F. Potgieter (sekretaris en penningmeester) en P. Steyn. (161)

4.5.4.2 Personeelvoorsiening en onderwyspeil

Die wisselende bestaan van die skool moet toegeskryf word aan die wisseling in personeel.

Die onderwyser gedurende 1893 was R.E.Wolff. In sy verslag merk die inspekteur op dat dit nie lyk of die skool lank sal bestaan nie. Hoewel die skool besoek is pas drie maande nadat dit geopen is, was die verslag wat Wolff t.o.v. die aard van sy onderwys ontvang het, heel gunstig. (162)

J. Oldenziel word aangegee as onderwyser vir die skool, blykbaar vir die periode Januarie tot Julie 1896. (163)

(159) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1895-09-12. s.p.

(160) Register van skoolsubsidies. (OD 216, p. 210)

(161) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(162) Inspeksieverslag van die skool Erasmusfontein, 1893-03-30. (ZAR 122, p. 31).

(163) Register van skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

Vanaf 13 Julie 1896 was E.E. Dalton hoof van die skool. Die inspekteur het Dalton se onderwys bevredigend gevind. Sy beswaar was dat Dalton op daardie stadium al 3 weke lank skoolgehou het en nog nie met die Hollandse Taal begin het nie. In standerd 2 is getalle tot by 1 000 000 op die swartbord geskryf terwyl die leerlinge nie eenvoudige oefeninge kon doen nie. (164)

Sedert 12 Mei 1897 was J.W. van der Westhuijzen hoof van die skool en die assistente mej. M. Grobler. Die inspekteur het bevind dat Van der Westhuijzen 'n baie bekwame onderwyser was. (165)

Sedert Januarie 1899 was J.G. van der Merwe hoof van die skool. (166)

4.5.4.3 Leerlingtal en skoolbenodigdhede

Gedurende die 1893-periode was daar 5 leerlinge by die skool: 4 in standerd 1 en 1 in standerd 2. Hoewel die lokaal en meubels voldoende was, was daar te min leesboeke en geen swartbord nie. (167)

Gedurende 1896 was daar 20 leerlinge op register. (168) Die leerlingtal het gegroei tot 45 in 1897. Die skool

(164) Inspeksieverslag van die skool Erasmusfontein, 1896-07-30. (ZAR 125, p. 242).

(165) Ibid., 1897-01-24. (ZAR 126, p. 227).

(166) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(167) Inspeksieverslag van die skool Erasmusfontein, 1893-03-30. (ZAR 122, p. 31).

(168) Ibid., 1896-07-30. (ZAR 125, p. 242).

is goed ondersteun. (169)

4.5.5 Die skool te Ngomo, Wyk 3, distrik Vryheid

4.5.5.1 Stigting en beheer

Die skool is op 14 Mei 1895 gestig. (170) Die skoolkommissie het in 1896 'n skoolgebou laat oprig teen 'n koste van £178-0-4. In 1897 is £86-0-0 by die regering geleen vir die vergroting van die skoolgebou. Die skool was op die staatsplaas Ngomo geleë. (171) Die skoolbestuur vir 1897 was J.H.J. Davel (voorsitter), S. Liversage (sekretaris en penningmeester), G.F. Scheepers en E. Potgieter. (172)

Die skool is op 7 September 1899 finaal gesluit. (173)

4.5.5.2 Personeelvoorsiening en onderwyspeil

Sedert 14 Mei 1895 was W.J. Esterhuizen hoof van die skool. Die assistent was J.G. van Reenen, 'n kwekeling. (174) In 1896 merk die inspekteur in sy verslag op dat die aard van die onderwys kan verbeter, maar dat daar

(169) Ibid., 1897-11-24. (ZAR 126, p. 227).

(170) Inspeksieverslag van die skool Ngomo, 1895-08-12. (ZAR 124, p. 19).

(171) Liversage, S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ngomo, 1897-01-12. (OR 603/97).

(172) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(173) Ibid., p. 33.

(174) Inspeksieverslag van die skool Ngomo, 1895-08-12. (ZAR 124, p. 19).

nogtans met ywer en vrug gewerk word. (175)

In 1896 word mej. M. Ratseburg as tydelike assistente aangestel. Tydens inspeksie bevind die inspekteur dat mej. M Ratseburg se werk nie heeltemal bevredigend is nie. Die hoofonderwyser werk egter met erns en toewyding en is besig om die ouers se belangstelling te wek en hul vertroue te wen. (176)

In Januarie 1897 is P.L. Zietsman deur die skoolkommis-sie aangestel as tydelike assistent. (177) Zietsman was ook 'n kwekeling en het aan die eise deur die wet gestel, voldoen. (178)

Zietsman is in 1897 opgevolg deur J.W. van der Merwe. Die inspekteur het Van der Merwe se werk baie bevredigend bevind. (179) Vanaf 23 Januarie 1899 was R.L. Knipe assistent by die skool. (180)

4.5.5.3 Leerlingtal

In Augustus 1895 was daar 42 ingeskrewe leerlinge. Al 42 leerlinge was in standerd 1. Geen leerling het gratis

(175) Inspeksieverslag van die skool Ngomo, 1895-08-12. (ZAR 125, p. 38).

(176) Ibid., 1896-07-21. (ZAR 125, p. 240).

(177) Liversage, S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ngomo, 1897-01-18. (OR 601/97).

(178) 'n Kwekeling was 'n persoon sonder 'n onderwyssertifikaat. Hy/sy moes 14 jaar oud wees en in standerd 4 geslaag het.

(179) Inspeksieverslag van die skool Ngomo, 1897-08-26. (ZAR 126, p. 209).

(180) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

onderrig ontvang nie. (181)

Teen Julie 1896 het die getal ingeskrewe leerlinge gestyg tot 50. Van hierdie leerlinge het 30 gratis onderwys ontvang. 28 leerlinge was in standerd 1, 21 leerlinge in standerd 2 en 1 in standerd 4. (182)

Teen Augustus 1897 het die getal leerlinge tot 61 vermeerder waarvan 33 gratis onderwys ontvang het. Daar was toe 28 leerlinge in standerd 1, 18 in standerd 2 en 15 in standerd 3. (183)

4.5.6 Die Engelse Jongenskool

N. Mansvelt se weiering om Engelsmedium skole te subsidieer, het gelei tot die stigting van privaatskole.

In Vryheid is in Junie 1894 'n vergadering gehou, bygewoon deur Engelssprekendes van die dorp en distrik. Aangesien daar 'n groot behoefte bestaan het by Engelssprekende ouers om hulle kinders deur medium Engels te laat onderrig, is voorgestel dat daar oorgegaan moes word tot die stigting van 'n Engelsmediumskool.

Biskop Carter van Zoeloeland (Anglikaanse Kerk) was ook uitgenooi na die vergadering. Sy mening was dat die onderwys in die Z.A.R. van die beste ter wêreld was, behalwe wat die taalklousule betref. Indien 'n Engelsme-

(181) Inspeksieverslag van die skool, Ngomo, 1895-08-12. (ZAR 124, p. 19).

(182) Ibid., 1896-07-22. (ZAR 125, p. 239).

(183) Ibid., 1897-08-26. (ZAR 126, p. 209).

diumskool gestig sou word, sou die kerk sover moontlik moes help.

Die vergadering het gevra dat ds. Morris van die Anglikaanse Kerk tydelik waarneem as hoof. Die skoolgeld is op R1 per maand vasgestel. (184)

Daar kon nie vasgestel word presies wanneer die skool gestig is nie. Die onderwyser vir 1894 word aangegee as C.E. Carey-Brenten. (185)

4.5.7 Die Jonge Dames Seminarie

Die "Young Ladies Seminary" was 'n Engelsmedium privaat-skool. Die skool is in Junie 1893 gestig. (186)

Aanvanklik het die skool agteruitgegaan, maar onder die bekwame leiding van mej. Jensen sedert 1894 het die skool goed op dreef gekom. (187) In 1896 het mej. Jensen ook 3 leerlinge ingeskryf vir die Kaapse eksamen. (Dit word nie vermeld of dit die School Higher of Elementary eksamen was nie). Hierin het twee leerlinge, F. Lewis en F. Lewis, geslaag. (188)

Die leerlingtal het vanaf 1894 tot 1896 vanaf 45 leerlinge

(184) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1894-07-27. s.p.

(185) Gresty, J.L.: The History of the Vryheid District, p. 45.

(186) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1894-06-22. s.p.

(187) Ibid., 1896-05-07. s.p.

(188) Ibid., 1896-07-23. s.p.

na 50 leerlinge vermeerder. Onderrig is slegs in Engels gegee. Die skool is bygewoon deur kinders van vooraanstaande ouers van die gemeenskap. Tydens die prysuitdeling van Julie 1894 is pryse toegeken aan die volgende leerlinge:

E. Emmett (Eerste klas)
C. von Levetzow (Tweede klas)
J. Hove (Derde klas)
I. Tren (Vierde klas)

Tydens die prysuitdeling is 'n program bestaande uit sang, gimnastiek en "Piano" deur skoolmeisies aangebied. (189)

Daar kon nie vasgestel word waar die skoolgebou geleë was nie. Die lokaal is egter deur die Rooms-Katolieke Kerk gebruik vir kerkdienste. Vader Wurzburg het die dienste waargeneem. (190)

4.5.8 Die Onsektarische Skool

4.5.8.1 Opening en beheer

Die skool is op 15 Julie 1892 gestig. Tot lede van die skoolbestuur is gekies J.L. van Reenen (voorsitter), D.J. de Villiers, P.F. Henderson en A. von Levetzow. (191)

Op 6 Julie 1893 het beide onderwysers, J.C. de Clerk

(189) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1894-06-22. s.p.

(190) Gresty, J.L.: The History of the Vryheid District, p. 45.

(191) Register van skoolsubsidies. (OD 216, p. 210)

en Mej. Shand, bedank en is die skool finaal gesluit.
(192)

4.5.8.2 Personeelvoorsiening en onderwyspeil

Die hoof van die skool sedert 15 Julie 1892 was J.C. de Clerk. As assistente word aangegee mej. G.M. Emmett sedert 15 Julie 1892 en mej. Shand sedert 12 April 1893.
(193)

Die inspekteur skryf in sy verslag dat die hoofonderwyser lof verdien vir die stiptheid en nougesetheid waarmee hy die voorskrifte van die Departement, veral met betrekking tot die Hollandse Taal, nakom. (194)

4.5.8.3 Inskrywing, lokaal en toerusting

Tydens die inspeksie van 1892 was daar 35 ingeskrewe leerlinge waarvan 3 gratis onderwys ontvang het. (195)
In Junie 1893 was daar 38 leerlinge in die skool. (196)

Die inspekteur het berig dat die skoollokaal waarin die hoof onderwys gegee het, 'n uiters geskikte lokaal is, maar dat die klaskamer waarin die laer klasse skool gegaan het, van baie ondoelmatige afmetinge is. (197) Waar

(192) Register van skoolsubsidies. (OD 216, p. 210)

(193) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, 1893-06-10. s.p.

(194) Ibid., 1893-06-10. s.p.

(195) Ibid., 1892-09-27. s.p.

(196) Ibid., 1893-06-10. s.p.

(197) Ibid., 1892-09-27. s.p.

die skoolgebou geleë was, kon nie vasgestel word nie.

In 1893 was daar 15 leerlinge in standerd 1, 13 in standerd 2, 7 in standerd 3 en 2 in standerd 4. Na die inspeksie is 10 leerlinge in standerd 1 oorgeplaas na standerd 2, al 13 van standerd 2 na standerd 3, 4 leerlinge van standerd 3 na standerd 4 en 1 leerling is oorgeplaas na standerd 5. (198)

n Kaart van die Z.A.R. het ontbreek, maar die meubels en leesboeke was in n goeie toestand. (199)

4.5.9. Die Skool Weltevrede, Wyk 1, Vryheid

Die skool het op 18 Januarie 1894 met H. Wijbrandi as onderwyser tot stand gekom. Die skoolbestuur het bestaan uit C.M. Potgieter (voorsitter) en M.J. Scheepers (penningmeester en bewoner van die plaas Weltevrede). Die skool is vanaf 5 Mei 1894 vir die wintermaande verskuif na die plaas Afsesnij. Daarna is dit terugverplaas na Weltevrede. H. Wijbrandi, die onderwyser, moes die heen-en-weerskuiwery meemaak. Die skool is op 10 Mei 1895 finaal gesluit. (200)

4.5.10 Die Skool op Afsesnij, Wyk 1, distrik Vryheid

(198) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1893-06-10. s.p.

(199) Ibid., 1893-06-10. s.p.

(200) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

4.5.10.1 Opening en leerlingtal

Die skool is op 5 Mei 1894 verskuif vanaf die plaas Weltevrede. Daar was slegs 5 leerlinge in die skool, vermoedelik almal die kinders van die eienaar van die plaas. Een kind was nog in 'n sub-standerd, 3 was in standerd 1 en 1 in standerd 2. (201)

4.5.10.2 Lokaal en meubels

Die skool was gehuisves in 'n kamer met 'n lae platdak en met 'n venster sonder 'n raam. Die meubels het bestaan uit 'n veldtafel en 'n klein sitbankie. Die kinders het op kissies gesit. (202)

4.5.10.3 Onderwyser en onderwyspeil

Die onderwyser was H. Wijbrandi. (203) Die inspekteur het berig dat die toestand in die skool onbevredigend was en die standaard van die onderwys uiters swak. Die leerlinge het nie opgelet nie en gedurig met mekaar gepraat.

Die inspekteur het aanbeveel dat die subsidie aan die skool uitbetaal word tot die volgende inspeksie. Indien geen verbetering in die standaard van onderwys teen daardie tyd ingetree het nie, sou die staatstoelae gestaak

(201) Inspeksieverslag vir die skool Afgesnij, 1894-10-08. (ZAR 123, p. 97).

(202) Ibid., 1894-10-08. (ZAR 123, p. 98).

(203) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1894-10-12. s.p.

word. (204)

4.5.11 Die skool op Uitkijk, Wyk 3, distrik Vryheid

4.5.11.1 Wisselende bestaan van die skool

Die skool se bestaan is in 'n groot mate beïnvloed deur die kom en gaan van onderwysers.

Die eerste stigtingsdatum was op 1 Junie 1890 onder J.W. Friedrichs. (205) Daar kon nie vasgestel word hoe lank die skool bestaan het nie.

Die skool is herstig op 1 Maart 1897 onder mej. M. Ratzeburg. Die skool was egter voor die einde van die jaar reeds weer gesluit. (206)

Skoolwerkzaamhede is hervat in 1898 en Van Rooyen en Mej. S.E. Marais het diens gedoen as onderwysers. Die skool is op 26 September 1898 weer vir 'n tydperk gesluit. (207)

Op 10 Januarie 1899 is die skool weer heropen onder mej. M.G.S.M. (Gertie) Hamman. Die skool is toe weer op 24 Augustus 1899 finaal gesluit. Die skoolbestuur gedurende 1899 het bestaan uit C. Liversage (voorsitter), J. Kruger

(204) Inspeksieverslag van die skool Aftesnij, 1894-10-08. (ZAR 123, p. 98).

(205) Inspeksieverslag van die skool Uitkijk, 1890-10-17. (ZAR 120, p. 61).

(206) Ibid., 1897-11-23. (ZAR 126, p. 227).

(207) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(sekretaris en penningmeester), H. van Vuuren, A. Fourie en G. Viljoen. (208)

4.5.11.2 Leerlingtal en onderwyspeil

Gedurende die inspeksie van November 1897 was daar 27 leerlinge by die skool ingeskryf. Almal was in standerd 1. Die skool is goed ondersteun deur al die ouers in die buurt. Geen leerling het gratis onderwys ontvang nie. Die inspekteur het bevind dat die onderwys heel bevredigend was. (209)

4.5.12 Die skool Vaalkrans, Wyk 2, distrik Vryheid

4.5.12.1 Wisselende bestaan van die skool

Die skool is op 15 Januarie 1892 vir die eerste keer geopen. Die onderwyser was G.J. de Wit. Die skool is op 1 Oktober 1892 gesluit toe dit na Onverwacht oorgeplaas is.

Die skoolbestuur is saamgestel uit C.M. Scholtz (voorsitter en bewoner van die plaas Vaalkrans) en H. Maritz (sekretaris). (210)

Op 3 April 1894 is die skool weer eens geopen onder G.J. de Wit. (211) De Wit was onderwyser op Vaalkrans tot 30 September toe die skool nogmaals na Onverwacht,

(208) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(209) Inspeksieverslag van die skool Uitkijk, 1897-11-23. (ZAR 126, p. 227).

(210) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1894-10-12. s.p.

(211) Inspeksieverslag van die skool Vaalkrans, 1894-10-05. (ZAR 123, p. 95).

die plaas van G.K. van Rooyen, oorgeplaas is. (212)

Met die oorplasing van die Onverwacht Skool na Witwater en die vertrek van G.J. de Wit saam met G.K. van Rooyen, is die skool weer eens na Vaalkrans teruggeskuif. (213)

Vanaf 6 Junie 1896 is die dienste van mej. A. Ferreira bekom. Mej. A. Ferreira was blykbaar aan die skool verbonde tot met die finale sluiting daarvan op 30 Junie 1899. (214)

Op die skoolkommissie van 1895 het die volgende persone gedien: C.J. Ferreira (voorsitter en bewoner van die plaas), M.G.J. van Rooyen (sekretaris) en M.G. Ferreira (penningmeester). (215)

4.5.12.2 Leerlingtal en onderwyspeil

Gedurende die inspeksie van 1892 was 10 leerlinge by die skool ingeskryf. Die leerlinge het tot slegs 6 in 1894 gedaal. (216) G.J. de Wit het deeglike onderwys gegee, maar te oordeel aan die vrees wat die kinders vir hom gehad het, was hy 'n baie streng man. (217)

Gedurende 1896, met mej. A. Ferreira as onderwyseres, was daar 9 leerlinge by die skool ingeskryf. Ook mej.

(212) Register van skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(213) Inspeksieverslag van die skool Vaalkrans, 1896-02-25. (ZAR 125, p. 240).

(214) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(215) Ibid., p. 33.

(216) Inspeksieverslag van die skool Vaalkrans, 1892-03-07. (ZAR 121, p. 99).

(217) Ibid., 1894-10-05. (ZAR 123, p. 95).

A. Ferreira het deeglike onderwys gegee. Die inspekteur was tevrede dat sy goeie dissipline gehandhaaf het en dat die leerlinge heel bevredigend gevorder het. (218)

4.5.13 Die skool te Onverwacht, Wyk 2, distrik Vryheid

4.5.13.1 Bestaan en beheer van die skool

Op die plaas Onverwacht van G.K. van Rooyen is op 3 Oktober 1892 'n skool gestig. G.K. van Rooyen was ook penningmeester van die skoolkommissie. Ander lede van die skoolkommissie was H. Maritz (voorsitter) en C.M. Scholtz. (219)

4.5.13.2 Onderwyspeil en leerlingtal

Die skool is op 1 April 1893 geïnspekteer. Die onderwyser was G.J. de Wit. De Wit moes die skool pas na die inspeksie verlaat het, want reeds op 10 April 1893 het hy by die skool Ontevreden begin skoolhou. (220)

Daar was 7 leerlinge by die skool ingeskryf. 1 was in standerd 1, 1 in standerd 2 en 5 in standerd 3. De Wit was 'n redelik knap onderwyser. Volgens die inspeksieverlag was al die leerlinge goed of redelik goed. Geen leerlinge was swak of sleg nie. (221)

(218) Inspeksieverlag van die skool Vaalkrans, 1896-07-23. (ZAR 125, p. 240).

(219) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(220) Inspeksieverlag van die skool Onverwacht, 1893-04-01. (ZAR 122, p. 23).

(221) Ibid., 1893-04-01. (ZAR 122, p. 23).

Na De Wit se vertrek is die skool bedien deur mej. N.E. van Rooyen. (222) De Wit het op 15 Oktober 1894 teruggekeer as onderwyser van die skool. Die skool is op 3 Maart 1895 gesluit. (223) Die eienaar het toe verhuis na die plaas Witwater, ongeveer 8 uur te perd vanaf Onverwacht. (224) Die formele oorplasing van die skool na Witwater het in die loop van 1896 plaasgevind. (225)

4.5.14 Die skool te Witwater, Wyk 2, distrik Vryheid

4.5.14.1 Stigting en skoollokaal

Volgens die inspeksieverslag van die inspekteur is die skool in Oktober 1894 gestig. (226) Die oorplasing van die skool vanaf Onverwacht het egter eers in 1896 geskied. (227) Die eienaar self het berig dat hy nog nie lank in daardie afgeleë en onbewoonde gebied gebly het nie. Die eienaar en sy gesin het nog in 'n tent gebly. (228) Die onderwyser, G.J. de Wit, het ook eers in Oktober 1896 by die skool diens aanvaar. (229)

Dit wil voorkom of die datum van opening van die skool,

(222) Register van Wykskole. (OD 337, p. 32).

(223) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(224) Inspeksieverslag van die skool Onverwacht, 1896. (ZAR 125, p. 40).

(225) Register van Wykskole. (OR 105-2-98).

(226) Inspeksieverslag van die skool Witwater, 1896-07-16. (ZAR 125, p. 239).

(227) Register van Wykskole. (OR 105-02-98).

(228) Inspeksieverslag van die skool Witwater, 1896-07-16. (ZAR 125, p. 239).

(229) Ibid., p. 237.

Oktober 1894, eerder verwys na De Wit se vorige aanstelling by die skool Onverwacht.

Die skoollokaal was n tydelik opgerigte gebou en nie juis geskik vir onderwysdoeleindes nie. (230)

4.5.14.2 Inskrywing en handboekprobleem

Daar was 6 ingeskrewe leerlinge by die skool. Twee leerlinge was in standerd 1, 2 in standerd 2 en 2 in standerd 3. (231)

Handboeke was plaaslik moeilik bekombaar en moes van die Departement bestel word. So het G.J. de Wit gevra dat "1 Versluijs leesboek der Rekenkunde" aan hom gestuur word. (232)

4.5.15 Kort samevatting van die geskiedenis van die skool te Ontevreden, Wyk 2, distrik Vryheid

Die skool het op 10 April 1893 tot stand gekom. (233)
In die skoolbestuur het gedien G.J.C. Vermaak (voorsitter), H.P. Steenkamp (sekretaris) en F.J.H. Steenkamp (penningmeester en bewoner van die plaas Ontevreden). (234)

(230) Inspeksieverslag van die skool Witwater, 1896-07-16. (ZAR 125, p. 239).

(231) Ibid., p. 237.

(232) De Wit, G.J.: Brief aan Departement van Onderwys. Witwater, 1896-11-23. (OD 119, p.229, OR 10702/96).

(233) Inspeksieverslag van die skool Ontevreden, 1894-02-09. (ZAR 123, p. 84).

(234) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

Die onderwyser sedert 10 April 1893 was G.J. de Wit. In die skool was 7 ingeskrewe leerlinge waarvan 5 in standerd 1 en 2 in standerd 2 was. (235) Tydens die inspeksie van 1894 was daar in die skool 9 leerlinge waarvan 2 in standerd 1, 4 in standerd 2 en 3 in standerd 3 was. Sedert 1 April 1894 het die skool nie meer bestaan nie. (236)

Die skoollokaal het ook gedien as slaapkamer vir die onderwyser, De Wit. Die lokaal was ook heeltemal te donker as die deur toegemaak was. (237)

4.5.16 Enkele opmerkings oor die skool te Babanango

Die skool is geopen op 24 Mei 1892. Die onderwyser was W.M. Austin. Die skoolbestuur het bestaan uit J.P. Rhee= der (voorsitter), P.J. Meyer, D.J. van Heerden en A. Delport. (238) Die skool is gedurende 1892 verskuif na Skurfberg. (239) Vanweë die kort bestaan van die skool te Babanango is verdere inligting nie beskikbaar nie.

4.5.17 Die Skurfbergskool en sy kort bestaan

Die skool is op 9 Mei 1892 gestig. M. Vlaskamp was onder=

(235) Inspeksieverslag van die skool Ontevreden, 1893-09-26. (ZAR 122, p. 42).

(236) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(237) Inspeksieverslag van die skool Ontevreden, 1893-09-26. (ZAR 122, p. 42).

(238) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(239) Inspeksieverslag van die skool Babanango, 1893. (ZAR 122, p. 31).

wyser aan die skool. Lede van die skoolbestuur was F. J. Conradie (voorsitter), C.H. Badenhorst en H.J. de Waal. Op 8 September 1892 het Vlaskamp die skool verlaat, aangesien die skoolbestuur nie langer die skool kon onderhou nie. (240)

Die Babanango-skool is hierna oorgeplaas na Skurfberg met W.M. Austin as onderwyser. Op 27 Maart 1893 het Austin die onderwys vaarwel toegeroep, aangesien hy meer kon verdien as winkelbediende. (241) Na sy vertrek het dié skool nie langer voortbestaan nie.

4.5.18 Die skool te Nouwpoort

Nadat M. Vlaskamp van Skurfberg af weg is, het hy op 13 September 1892 'n skool op Nouwpoort geopen. (242) Op 29 Maart 1893 het hy die inspekteur ontmoet en hom meegedeel dat hy die skool gesluit het en op soek was na 'n nuwe skool. (243) Geen redes vir dié stap word verstrek nie.

4.5.19 'n Kort geskiedenis van die Vaalbankskool

Die skool is geopen op 9 Mei 1892. Die onderwyser was

(240) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(241) Inspeksieverslag van die skool Skurfberg, 1893. (ZAR 122, p. 32).

(242) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(243) Inspeksieverslag van die skool Nouwpoort, 1893. (ZAR 122, p. 32).

R. Smith. In die skoolbestuur het gedien W.A. Labuschagne (voorsitter en bewoner van die plaas), J.H.P. White en G.H.J. White. Die skool is gesluit op 30 September 1892. (244)

n Nuwe skoolbestuur bestaande uit P.C. Uijs (voorsitter), Z.J. de Jongh van Arkel (sekretaris) en P.R. Erasmus (bewoner van die plaas) het die skool op 25 April 1898 heropen. J.B. Biemond was toe die onderwyser. Die skool is weer op 17 September 1899 vir die laaste keer gesluit. (245)

4.5.20 Die Tractaatskool en onderwysgebeure

Hierdie skool is op 11 September 1893 geopen met R. Smith as onderwyser. Op 13 Desember 1893 is die skool verskuif na Uitzicht, die plaas van C.J. Steenkamp. (246)

Op 6 Junie 1895 was Smith weer terug en is daar skoolgehou tot 12 November 1895 toe die skool weer gesluit is. (247)

Op 17 November 1896 is die skool weer heropen onder D. Verwey. Daar kon nie vasgestel word hoe lank Verwey aan die skool verbonde was nie. (248)

Verwey was afkomstig van Bloemhof waar hy skynbaar n

(244) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(245) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33v.v.).

(246) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(247) Ibid., p. 210.

(248) Inspeksieverslag van die skool Tractaat, 1896-12-14. (ZAR 125, p. 451).

finansiële teleurstelling gehad het as gevolg van die runderpes. Verwey was deur ds. C.J. Snyman van Heidelberg as onderwyser aanbeveel. (249)

Die skoollokaal was ruim, maar het ook gedien as slaapkamer vir Verwey. Na die aankoms van Verwey is aansoek gedoen om 'n skoolsubsidie. (250) Inspekteur T.C. Stoffberg het in sy hantering van die aansoek gemeld dat hy geen beswaar het dat die subsidie uitbetaal word nie. Die onderwyser, Verwey, se gesondheid was egter sodanig dat die skool waarskynlik spoedig sou sluit. (251)

Ten einde die probleem met handboeke te oorbrug, het Verwey onmiddellik na sy aankoms handboeke bestel. Hy het versoek dat 6 "Van Wouw Nieuw Rekenboek" vir standerd 2, 6 "Van Wouw Nieuw Rekenboek" vir standerd 1, asook 'n "Zwart bord vervoerbaar per post" aan hom gestuur moes word. (252)

Op 1 Junie 1899 het P.J. van Helden diens aanvaar as onderwyser. In die skoolbestuur vir 1899 het gedien: C.J. Homan (voorsitter), G.F. van Staden (sekretaris en bewoner van die plaas) en S.J.L. Bouwer (penningmeester). Op 21 Augustus 1899 het P.J. van Helden vertrek en het die skool finaal gesluit. (253)

(249) Van Staden, F.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Tractaat, 1897-01-20. (OR 730/97).

(250) Aansoek om skoolsubsidie, Tractaat. 1896-11-23. (OR 84/96).

(251) Stoffberg, T.C.: Verslag aan die Superintendent van Onderwys. (OR 10684/96).

(252) Verwey, D.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Tractaat, 1896-11-18. (OR 10606/96).

(253) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

4.5.21 Die skool op Uitzicht, Wyk 2, distrik Vryheid

Op 6 Julie 1891 is die skool geopen met A. Lennon as onderwyser. Dit kon nie vasgestel word wanneer die skool vir die eerste keer gesluit het nie. (254)

Onder R. Smith is die skool Tractaat op 13 Desember 1893 na Uitzicht verskuif. Die skool is kort daarna weer op 15 Maart 1894 gesluit. In die skoolbestuur het gedien C.J. Steenkamp (voorsitter en bewoner van die plaas) en J.F. van Staden. (255)

4.5.22 Die skool op Waterval, Wyk 3, distrik Vryheid

Op 1 Februarie 1892 is daar met 'n skool op die plaas Waterval begin. Die onderwyser was M. Vlaskamp. In die skool was 11 leerlinge waarvan 2 in standerd 3 was, 4 in standerd 2 en 5 leerlinge in standerd 1. Die lokaal was beknopt, daar was te min sitplek en die bestuur was nog besig om 'n swartbord te maak. (256)

Die skool kon nie te lank bestaan het nie, want op 9 Mei 1892 het Vlaskamp alreeds skoolgehou op Skurfborg.

4.5.23 Die skool te Roodepoort, Wyk 1, distrik Vryheid

Die skool is geopen op 18 Januarie 1892 met A. van der Vlies as onderwyser. Van der Vlies was sedert Februarie

(254) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(255) Ibid., p. 210.

(256) Inspeksieverslag van die skool Waterval, 1892-03-08. (ZAR 121, p. 100).

1890 as onderwyser op die plaas werksaam, maar het in Januarie 1892 'n nuwe skoolgebou betrek. In die skool was 11 leerlinge waarvan 2 in standerd 3 was, 5 in standerd 2 en 4 in standerd 1. (257)

Op die skoolbestuur het gedien P.G. Steyn (voorsitter en bewoner van die plaas Roodepoort) en D.J. de Bruyn (sekretaris en penningmeester). Die skool is gesluit sonder dat die Departement daarvan in kennis gestel is. (258)

4.5.24 Die Vlakhoekse skool, Wyk 4, distrik Vryheid

Die skool is op 13 Julie 1891 gestig met J.F. Schröder as onderwyser. Daar was 9 leerlinge by die skool ingeskryf. Schröder het die leerlinge blykbaar in te hoë klasse geplaas, want die inspekteur het 2 van die 4 leerlinge wat in standerd 4 was, teruggeplaas na standerd 3 en die ander 2 na standerd 2. (259)

F.C. Scheepers en T. Joubert het in die skoolbestuur gedien. Hoe lank die skool na 1893 bestaan het, kon nie vasgestel word nie. (260)

4.5.25 Die skool Goede Hoop, Wyk 2, distrik Vryheid

Die skool is op 2 Maart 1896 geopen. H. Wijbrandi was

(257) Inspeksieverslag van die skool Roodepoort, 1892-03-09. (ZAR 121, p. 100).

(258) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(259) Inspeksieverslag van die skool Vlakhoek, 1893-03-30. (ZAR 122, p. 30).

(260) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

vanaf genoemde datum onderwyser.

Van die 8 leerlinge in die skool was 4 in standerd 1, 1 in standerd 2 en 3 in standerd 3.

Volgens die verslag van die inspekteur het Wijbrandi nie die bekwaamheid besit om onderwys te gee volgens die eise van die wet nie. Op die dag van die inspeksie was Wijbrandi dorp toe. Die skool was gesluit sonder dat die Departement daarvan in kennis gestel was. Die kwaliteit van Wijbrandi se onderwys was ook swak. Die skool is waarskynlik finaal gesluit as gevolg van die Departement se weiering om die skool te subsidieer. (261)

4.5.26 Die skool op Boschhoek, Wyk 3, distrik Vryheid

4.5.26.1 Bestaan en leerlingtal

Daar is op Boschhoek met 'n skool op 17 Julie 1893 begin. Die skool het tot 21 Junie 1895 bestaan. (262) Gedurende die hele bestaan van die skool was K. Jonkheid die onderwyser. Die skoolbestuur het bestaan uit G.K. van Rooyen (voorsitter en bewoner van die plaas) en F.A.J. Combrink (sekretaris). (263)

Die skool is drie maal geïnspekteer. Gedurende die inspeksie van September 1893 was daar 14 leerlinge. (264)

(261) Inspeksieverslag van die skool Goede Hoop, 1896-08-05. (ZAR 125, p. 243).

(262) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(263) Ibid., p. 210.

(264) Inspeksieverslag van die skool Boschhoek, 1893-09-27. (ZAR 122, p. 43).

Die getalle het gedaal tot 9 leerlinge in Februarie 1894. (265) Daarna het die leerlingtal weer tot 11 in Oktober 1894 gestyg. (266)

4.5.26.2 Leerplanne en onderwyspeil

Vakke wat by die skool aangebied is, het ingesluit Bybelse geskiedenis, Lees, Spel en Dikteer, Spraakkuns, Skryf, Rekene, Geskiedenis, Resitasie en Sang. (267)

Jonkheid se uitslae tydens inspeksie was besonder gunstig. Die inspekteur het dan ook in sy verslag gemeld dat Jonkheid 'n deeglike onderwyser is en het hom aanbeveel vir 'n honorarium van R20. (268)

4.5.27 Die Brakfonteinse skool, Wyk 3, distrik Vryheid

4.5.27.1 Opening, bestaan en leerlingtal

Die skool is op 17 Mei 1897 geopen en is na 'n bestaan van amper twee-en-'n-halwe jaar finaal op 2 Oktober 1899 gesluit. (269)

Gedurende 1897 was daar 17 leerlinge in die skool. Al 17 leerlinge was in standerd 1 tot met die inspeksie

(265) Inspeksieverslag van die skool Boschhoek, 1894-02-08. (ZAR 123, p. 84).

(266) Ibid., 1894-10-06. (ZAR 123, p. 97).

(267) Ibid., 1894-02-08. (ZAR 123, p. 84).

(268) Ibid., 1894-10-06. (ZAR 123, p. 97).

(269) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

van November 1897 toe 12 leerlinge na standerd 2 oorgeplaas is. (270)

4.5.27.2 Skoollokaal en beheer

In die skoolkommissie het gedien D. Swanepoel (voorsitter), C.J. Combrink (sekretaris/penningmeester en bewoner van die plaas) en F.J. Potgieter. (271)

Die skool was die eerste gesubsidieerde skool in daardie buurt. Die geskikte lokaal en doelmatige meubels het getuig van die heelhartige samewerking van die skoolbestuur. (272)

4.5.27.3 Personeel en onderwyspeil

P.C.J. Fourie was sedert 17 Mei 1897 onderwyser aan die skool. Die inspekteur was nie baie beïndruk met die wyse waarop Fourie die onderwys waargeneem het nie. Fourie het op 30 September 1897 vertrek. (273)

J.G. van Reenen is vanaf 12 Oktober 1897 aangestel. Die kwaliteit van Van Reenen se onderwys was heel bevredigend. Die inspekteur het bevind dat die skool baie vooruitgegaan het sedert die aanstelling van Van Reenen. (274)

(270) Inspeksieverslag van die skool Brakfontein, 1897-11-30. (ZAR 126, p. 230).

(271) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(272) Inspeksieverslag van die skool Brakfontein, 1897-07-12. (ZAR 126, p. 191).

(273) Ibid., 1897-07-12. (ZAR 126, p. 191).

(274) Ibid., 1897-11-30. (ZAR 126, p. 230).

Van Reenen is op 4 Julie 1899 opgevolg deur P.M. Schnettler. (275)

4.5.28 Die skool op Gelijkwater, Wyk 4, distrik Vryheid

4.5.28.1 Wisselende bestaan van die skool

Die skool is geopen op 1 Julie 1897 en was die eerste gesubsidieerde skool in daardie omgewing. (276) Mej. S. Vorster was onderwyseres aan die skool tot 31 Desember 1897 toe die skool tydelik gesluit is. (277)

Die skool is heropen op 7 Maart 1898 toe B.J. Wepener diens aanvaar het. Wepener was verbonde aan die skool tot 22 Junie 1899 toe die skool se voortbestaan beëindig is. (278)

Gedurende 1897 het die volgende lede in die skoolbestuur gedien: L.P. de Jager (voorsitter en bewoner van die plaas), C.H. Badenhorst (sekretaris) en L.J. Combrink. (279)

4.5.28.2 Inskrywing en onderwyspeil

Gedurende 1897 was daar 14 leerlinge in die skool. Die

(275) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(276) Inspeksieverslag van die skool Gelijkwater, 1897-08-20. (ZAR 126, p. 208).

(277) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(278) Ibid., p. 33.

(279) Ibid., p. 33.

inspekteur was tevrede met mej. S. Vorster se werk en het tydens die inspeksie van November 1897 opgemerk dat daar in alle opsigte aanmerklike vooruitgang te bespeur was. (280)

4.5.29 Die skool te Rustplaats Wyk 2, distrik Vryheid

Die skool is geopen op 2 Oktober 1893 met mej J.C. Stolp as die onderwyseres. (281)

In die skoolbestuur het gedien Th. C. van Rooyen (voorsitter) en J.H. Steenkamp (penningmeester en bewoner van die plaas). (282)

Gedurende die inspeksie van Februarie 1894 was daar 6 leerlinge in die skool. (283) Tydens die inspeksie van Oktober 1894 was daar slegs 4 leerlinge in die skool. (284) Die skool is op 26 Desember 1894 finaal gesluit sonder dat die Departement van die sluiting in kennis gestel is. (285)

4.5.30 Die skool Sweet Home, Wyk 2, distrik Vryheid

-
- (280) Inspeksieverslag van die skool Gelijkwater, 1897-11-25. (ZAR 126, p. 229).
- (281) Inspeksieverslag van die skool Rustplaats, 1894-02-07. (ZAR 123, p. 83).
- (282) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).
- (283) Inspeksieverslag van die skool Rustplaats, 1894-02-07. (ZAR 123, p. 83).
- (284) Ibid., 1894-10-05. (ZAR 123, p. 97).
- (285) Register van skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

4.5.30.1 Bestaan, skoollokaal en beheer

Die skool is op 18 Augustus 1895 vir die eerste keer geopen. Tot met die finale sluiting van die skool op 1 Desember 1897, was W.A. Koning onderwyser aan die skool. (286)

Die skoollokaal het ook gedien as slaapkamer vir die onderwyser. Om gemelde rede wou die eienaar geen skool=huur van die regering hê nie. (287)

Op 30 November 1896 het Koning sy kwartaalstaat vir die periode 1 Julie tot 30 September 1896 aan die Departement van Onderwys gestuur. Daarin het hy vermeld dat die skoolbestuur bestaan het uit J.C. Emmett (voorsitter), C.G. Vermaak (penningmeester en bewoner van die plaas) en J.J. Wessels. (288)

4.5.30.2 Leerlingtal en onderwyspeil

Gedurende 1896 was daar 7 leerlinge in die skool. Al 7 was in standerd 1. Die inspekteur het in sy inspeksieverslag berig dat die onderwyser ywerig is, maar nie aan die eise vir laer onderwys voldoen nie. Hoewel die gehalte van sy onderwys in die loop van 1896 verbeter het, laat dit veel te wense oor. Die onderwyser sal dit moeilik vind om leerlinge tot by middelbare onderwys

(286) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(287) Inspeksieverslag van die skool Sweet Home, 1896-02-24. (ZAR 125, p. 38).

(288) Koning, W.A.: Brief aan die Departement van Onderwys. Sweet Home, 1896-11-30. (OR 10004/96).

op te lei. (289)

4.5.31 Die skool op N'Hlasaatje, Wyk 3, distrik Vryheid

E.E. Dalton is in Januarie 1896 as onderwyser aangestel aan die nuutgestigte skool te N'Hlasaatje.

Mej. M. Grobler was sedert 1 November 1896 assistente aan die skool. In die skool was 31 leerlinge waarvan 12 gratis onderwys ontvang het. Gedurende 1896 was daar 1 leerling in standerd 3, 5 in standerd 2, 23 in standerd 1 en 2 in die sub-standerds. (290)

Gedurende 1897 was J.W. van der Westhuysen hoof van die skool en het die leerlingtal gestyg tot 48. (291)

Daar kon nie vasgestel word wanneer die skool finaal gesluit is nie.

4.5.32 Die skool Success, Wyk 3, distrik Vryheid

Op 3 Oktober 1895 is die skool vir die eerste keer met mej. J. Schoon as die onderwyseres geopen. (292) Mej. Schoon het nie veel ondervinding gehad nie. (293) In

(289) Inspeksieverslag van die skool Sweet Home, 1896-07-15. (ZAR 125, p. 237).

(290) Inspeksieverslag van die skool N'Hlasaatje, 1896-12-10. (ZAR 125, pp. 449-451).

(291) Verslag van den staat van den Onderwijs in de Z.A.R. vir die jaar 1896. (ZAR 125, p. 186).

(292) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(293) Inspeksieverslag van die skool Success, 1896-02-28. (ZAR 125, p. 40).

Julie 1896 is die skool tot die volgende inspeksie erken, mits mej. Schoon bewys kon lewer dat die onderwys in haar skool in alle opsigte verbeter het. Die inspekteur het mej. Schoon daarop gewys dat sy haar lesse deeglik moes voorberei. (294)

Gedurende 1896 was daar 9 leerlinge in die skool. (295)
Daar kon nie vasgestel word wanneer die skool gesluit het nie.

L. Grobler (voorsitter), L.J. van der Westhuizen (penningmeester) en mev. P.L. Zietsman (bewoner van die plaas), het in die skoolbestuur gedien. (296)

4.5.33 Die skool te Schaapskop, Wyk 2, distrik Vryheid

Op die plaas Schaapskop is daar op 21 Julie 1890 met 'n skool begin. Die eerste onderwyser was J.M.F. Hancke. Daar was 4 leerlinge in die skool. Die skoollokaal was nie baie ruim nie en daar was ook geen swartbord nie. Onderwys was in 'n beginstadium en slegs die basiese beginsels is onderrig. (297)

4.5.34 Die skool te Beaufort, Wyk 1, distrik Vryheid

Die skool is geopen op 6 Junie 1889 met mej. E.C.J.D.

(294) Inspeksieverslag van die skool Success, 1896-07-19. (ZAR 125, p. 241).

(295) Ibid., 1896-02-28. (ZAR 125, p. 40).

(296) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(297) Inspeksieverslag van die skool Schaapskop, 1890-10-15. (ZAR 120, p. 60).

Jones as onderwyseres. Daar was 6 leerlinge in die skool. Onderrig is gegee uit "Die Elffers" leesboek en uit "Die Huis van Dawid". "The South African Readers 1" het gedien as Engelse spel- en leesboek. (298)

4.5.35 Die skool Langgelegen, Wyk 2, distrik Vryheid

Op 1 Maart 1890 is 'n skool op Langgelegen geopen en vanaf hierdie datum het A.J. Voigt diens gedoen as onderwyser. Daar was 7 leerlinge in die skool. Hollandse lees en spel is gedoen aan die hand van "Trap der Jeugd" en "De Schoolvriend". (299)

4.5.36 Die skool Purim, Wyk 1, distrik Vryheid

Die Purimse skool is op 12 September 1893 gestig. Die onderwyser was E. T'Serstevens. Die skoolbestuur het bestaan uit W.A. Labuschagne (voorsitter), S.J. de Beer (penningmeester en bewoner van die plaas) en A. Labuschagne. (300)

4.5.37 Die Kleinfonteinse skool, Wyk 3, distrik Vryheid

Die skool is op 21 Mei 1894 geopen. Die onderwyser was G.J. van der Werken. In die skoolbestuur het gedien G.J. Steyn (voorsitter), G. van der Ness (sekretaris)

(298) Inspeksieverslag van die skool Beaufort, 1890-10-14. (ZAR 120, p. 59).

(299) Inspeksieverslag van die skool Langgelegen, 1890-10-16. (ZAR 120, p. 61).

(300) Register vir Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

en C. Roets (penningmeester en bewoner van die plaas). Na 'n tydperk van 7 maande, op 31 Desember 1894, is die bestaan van die skool beëindig. (301)

4.5.38 Die skool op Doornhoek, Wyk 3, distrik Vryheid

Die skool is op 7 April 1890 gestig met A. Lennox as die onderwyser. Van die 7 leerlinge in die skool was 3 in standerd 1, 3 in standerd 2 en 1 in standerd 3. Die gebruik van die kinderbybel in Bybelgeskiedenis en Sang het ook hier, soos in alle ander skole, 'n belangrike rol gespeel. (302)

4.5.39 Die skool te Vergelegen, Wyk 2, distrik Vryheid

Die skool is vir die eerste keer geopen op 1 Maart 1899 en finaal gesluit op 11 September 1899. Die onderwyser was H.J.K. Taljaard. Die skoolbestuur het bestaan uit S.J. van der Sandt (voorsitter), F.W. Birkenstock (sekretaris en bewoner van die plaas waarop die skool geleë was) en J.L. Vermaak (penningmeester). (303)

4.5.40 Die Welgemoedse skool, Wyk 4, distrik Vryheid

Die Welgemoedse skool is op 10 Julie 1899 geopen en is op 6 September 1899 vanweë die moontlikheid van oorlog gesluit. Die onderwyser was J.N. Loubser. J.P. Rheeder

(301) Register vir Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(302) Inspeksieverslag van die skool Doornhoek, 1890-10-17. (ZAR 120, p. 61).

(303) Register van Wykskole. (OD 337, p. 33).

(voorsitter), Chr. P. von Abo (sekretaris) en B.J. de Klerk het in die skoolbestuur gedien. (304)

4.5.41 Die skool op Bloemendal, Wyk 3, distrik Vryheid

Op hierdie plek is vir die eerste keer op 21 Augustus 1899 met 'n skool begin. Die onderwyser was J.H. Eybers. In die skoolbestuur het gedien G.R. van Rooyen (voorsitter), F.A.J. Combrink (sekretaris) en W.F. van Rooyen (bewoner van die plaas). (305)

4.5.42 Die skool Driefontein, Wyk 4, distrik Vryheid

Vanaf Gelijkwater het B.J. Wepener na Driefontein gegaan waar 'n skool op 15 Augustus 1899 geopen is. Met die uitbreek van die oorlog is die skool finaal gesluit. In die skoolbestuur het gedien C.S. van Rooyen (voorsitter), P.M.J. Havemann (sekretaris), J.L. van den Heever en H.J.A. Potgieter. (306)

4.5.43 Die Brakspruitse skool, Wyk 1, distrik Vryheid

Die skool is op 1 September 1895 geopen onder H. Wijbrandi. Die skoolbestuur was saamgestel uit A.M. Laas (voorsitter en bewoner van die plaas) en C.J. Potgieter (sekretaris). Die skool is op 28 Februarie 1896 gesluit. (307)

(304) Register van Skoolsubsidies. (OD 216, p. 210).

(305) Ibid., p. 210.

(306) Ibid., p. 210.

(307) Ibid., p. 210.

4.6 ONDERWYS IN DIE VRYHEIDSE DISTRIK GEDURENDE DIE OORLOGSJARE: 1899-1902

Met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog het die onderwysers hulle vir aktiewe diens aangemeld. Hulle voorbeeld is deur van die groter seuns gevolg.

Die Vryheidse distrik moes ook sy offers bring. Só het die hoof van die Nieuwe Republiekskool, mnr. A.B. van Niekerk, in 1901 tydens die bestorming van Itala deur genl. L. Botha gesneuwel. (308)

Met die opkommandering van die mans na die slagveld het baie vroue na die dorp verhuis, ook om veiligheidsredes. Die wykskole het gevolglik leeggeloop terwyl die dorpskool 'n toestroming van leerlinge ondervind het. Die dorpskool wat slegs deur onderwyseresse bedien is, se leerlingtal het gegroei tot oor die 300 en die personeel tot 15. Die onderwyseresse het voortgegaan met skoolhou totdat die dorp in 1900 deur die Engelse ingeneem is en die skool permanent gesluit is. (309)

4.7 EVALUERING

Gedurende die periode 1888 tot 1899 toe die distrik Vryheid deel gevorm het van die Zuid-Afrikaanse Republiek, was daar 'n geweldige oplewing op onderwysgebied in hierdie distrik, soos tereg gesien kan word aan die hoeveelheid

(308) Jaarblad: Hoërskool Vryheid, 1973, p. 127.

(309) Ibid., p. 127.

skole wat gestig is.

Onder leiding van die twee Superintendente van Onderwys, S.J. du Toit en N. Mansvelt, is 'n eerlike poging aangewend om die ouers daadwerklik te betrek by die onderwys van hulle kinders. Van regeringskant is die poging gestimuleer deur die toestaan van subsidies. Die plaaslike beheer van elke skool is in die hande van die ouers gelaat. Die skoolkommissies moes toesien dat 'n behoorlike skoolgebou en toerusting voorsien word en ook die onderwyser moes deur die skoolkommissies gevind word en hulle moes sy salaris betaal het.

Juis hierin het egter die leemte van die stelsel gelê. Hoe kleiner die leerlingtal van 'n skool, hoe kleiner was dan ook die salaris van die onderwyser. So is in 1898 twee onderwysposte geadverteer, een aan die Nieuwe Republiekskool in Vryheid, die ander aan die Wykskool Brakspruit. Die salaris aan die pos by die Nieuwe Republiekskool het R180 per jaar plus R80 toelae vir losies beloop. (310) Die pos by Brakspruit is geadverteer teen die salaris van R7 per maand of dan R84 per jaar. (311) In die Nieuwe Republiekskool was daar nagenoeg 200 leerlinge terwyl op Brakspruit 8 leerlinge was.

Hierdie onreëlmatigheid in die salarisse van onderwysers het die skoolbesture voor 'n dilemma tweërlei van aard geplaas. Eerstens was daar geen sekuriteit of vaste grondslag waarop onkoste aangegaan kon word in soverre dit die oprigting van skoolgeboue aanbetref nie. Onderwysers kon na willekeur van standplaas verander indien

(310) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid.
1898-05-04. s.p.

(311) Ibid., 1898-09-07. s.p.

n beter salaris verdien kon word. In baie gevalle moes die skole in die middel van die jaar gesluit word, tot nadeel van die kinders.

Tweedens, vanweë die lae salarisse, was die gehalte van onderwysers aan die wykskole nie na wense nie. In die meeste gevalle moes van ongekwalifiseerde en ongesertifiseerde onderwysers gebruik gemaak word.

Tog moet waardering betoon word aan manne en vroue wat hulle in moeilike omstandighede geroepe gevoel het om die vlam van kennis op die platteland uit te dra en te versprei.

Só geslaag was S.J. du Toit en N. Mansvelt se pogings dat, tydens die wêreldtentoonstelling in Parys in 1900, die Z.A.R. se uitstalling, beide wat die laer- en middelbare afdelings betref, met die eerste prys bekroon is.
(312)

(312) Pistorius, op. cit., p. 311.